# Geloofsonderskeiding in die Oostelike Sinode van die NG Kerk tydens die besluitnemingsprosesse oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde

deur Carl Louwrens

Navorsingswerkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Professor H J Hendriks

Maart 2016

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Verklaring**

Deur hierdie navorsingswerkstuk in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursreg-eienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Maart 2016

Kopiereg 2016 © Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## OPSOMMING

Die NG Kerk het in 2014 voor ŉ belangrike keuse te staan gekom toe hy moes besluit of hy sy belydenisbasis gaan uitbrei om daarmee ruimte te skep sodat die Belydenis van Belhar opgeneem kan word as deel van sy belydenisgrondslag.

Die Algemene Sinode het voorgestel dat Artikel 1 van die Kerkorde gewysig word om sodoende die belydenisbasis te verbreed. Om Artikel 1 te wysig was dit nodig dat al die Sinodes en twee derdes van al die gemeentes van die NG Kerk, die voorstel met ŉ tweederdemeerderheid ondersteun.

ŉ Projekspan van die Oostelike Sinode is aangestel om die moontlike wysiging se besluitnemingsproses in die sinodale streek te koördineer en toe te sien dat dit binne ŉ bepaalde tydskedule afgehandel word.

Gedurende September 2014 is die gemeenteproses afgehandel en 58% van die gemeentes stem teen die voorgestelde wysiging van Artikel 1.

In Oktober 2014 stem die Oostelike Sinode met ŉ meerderheid van 73% vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1.

In die lig van die verskil in uitslag word daar in hierdie studie nagedink oor die verstaan en praktyk van geloofsonderskeiding deur predikante en kerkrade in die Oostelike Sinode met verwysing na die besluitnemingsprosesse oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

Deur middel van ŉ vraelys is die verstaan van geloofsonderskeiding onder predikante van die Oostelike Sinode getoets. Fokusgroeponderhoude is by twee gemeentes gehou om iets te verstaan van gemeentes se begrip van geloofsonderskeiding. Aan die hand van dokument-analise is die toepassing van geloofsonderskeiding tydens die Sinode se vergadering nagevors.

ŉ Literatuurstudie oor die begrip geloofsonderskeiding en die praktiese toepassing daarvan aan die hand van die luistersiklus van Frederick Marais, het getoon dat geloofsonderskeiding ŉ bepalende rol speel in die uitslag van besluitnemingsprosesse tydens kerkvergaderings.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## SUMMARY

During 2014, the DRC came to a point where they had to decide whether they would amend their confessional base to include the Belhar Confession as part of their official doctrine.

The General Synod suggested amending Article 1 of the Church Order in order to expand the confessional base. An amendment of the Confession is possible only after it has been approved by a two-thirds majority of each synod and two-thirds of all the church councils, each supporting it with a two-thirds majority.

A task team from the Eastern Synod was appointed to coordinate the decision-making process in the Synodical area. They also had to ensure that the process would be concluded within a specific time schedule.

The process for the congregations was completed during September 2014. Of the congregations, 58% voted against the amendment of Article 1.

In October 2014 the Eastern Synod voted in favour of the amendment of Article 1 with a majority of 73%

Why the difference in outcome? This study will reflect on the understanding and practice of spiritual discernment by clergy and church councils of the Eastern Synod in the context of the decision-making process of the amendment of Article 1 of the Church Order.

The understanding of discernment among ministers of the Eastern Synod was tested with a questionnaire. Focus group interviews with two church councils were conducted in order to understand something about the discernment process on the level of church councils. A document analysis was done to research the practice of discernment during the synodical meeting.

A literature study on the concept of discernment and its practical application according to the listening cycle as suggested by Frederick Marais showed that discernment plays a decisive role in the outcome of decision-making processes during church meetings.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**INHOUDSOPGAWE**

Opsomming ..... iii
Summary ..... iv
INHOUDSOPGAWE ..... v
HOOFSTUK 1: INLEIDING ..... 1
1.1 Agtergrond en motivering ..... 1
1.1.1 Die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde ..... 1
1.1.2 Geloofsonderskeiding ..... 2
1.2 Navorsingsprobleem ..... 3
1.3 Navorsingsvraag ..... 4
1.4 Navorsingsmetodologie ..... 4
1.5 Doel van die navorsing ..... 5
1.6 Etiese oorwegings ..... 5
1.7 Hoofstukindeling ..... 5
HOOFSTUK 2: EMPIRIESE NAVORSING EN ONTWERP ..... 7
2.1 Inleiding ..... 7
2.2 Navorsingsmetodologie ..... 7
2.2.1 Ontwerp ..... 7
2.2.2 Deelnemers ..... 8
2.3 Data-versamelingsmetode ..... 9
2.3.1 Vraelys ..... 9
2.3.2 Fokusgroepe ..... 10
2.3.3 Dokument-analise ..... 11
2.3.4 Etiese aspekte ..... 11
2.4 Data-versamelingsproses ..... 12
2.4.1 Vraelys ..... 12
2.4.2 Fokusgroepe ..... 12
2.5 Data-analise ..... 12
2.5.1 Kwantitatief. Vraelyste ..... 12
2.5.2 Kwalitatief. Fokusgroeponderhoude ..... 13
2.6 Samevatting ..... 14
HOOFSTUK 3: RESULTAAT VAN EMPIRIESE NAVORSING ..... 15
3.1 Inleiding ..... 15
3.2 Bespreking van die vraelys aan predikante ..... 15
3.2.1 Inleiding ..... 15
3.2.2 Die rol van die voorsitter ..... 16

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.2.3 Skrifgebruik tydens kerkraadsvergaderings ..... 16
3.2.4 Gebed tydens kerkraadsvergaderings ..... 17
3.2.5 Besluitnemingsproses ..... 18
3.2.6 Spiritualiteit ..... 18
3.2.7 Biografiese besonderhede ..... 20
3.2.8 Breë gevolgtrekking ..... 21
3.3 Bespreking van die fokusgroepe ..... 22
3.3.1 Inleiding ..... 22
3.3.2 Demografie en konteks van die fokusgroepgemeentes ..... 22
3.3.3 Bespreking van navorsingsbevindinge ..... 23
3.3.4 Samevatting ..... 31
3.3.5 Konklusie oor die bevindinge van die fokusgroepe ..... 31
3.4 Oostelike Sinode ..... 32
3.4.1 Inleiding ..... 32
3.4.2 Kenmerke van die Oostelike Sinode ..... 32
3.4.3 Oostelike Sinode se hantering van die keuse oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde tydens sy vergadering van 19 tot 21 Oktober 2014 . 35
3.5 Konklusie ..... 40
HOOFSTUK 4: AANLOOP EN AGTERGROND TOT DIE WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE ..... 42
4.1 Inleiding ..... 42
4.2 Die Belydenis van Belhar ..... 42
4.2.1. Ontstaan van die Belydenis van Belhar ..... 42
4.2.2 Die inhoud van die Belydenis van Belhar ..... 43
4.2.3 Betekenis van die Belydenis van Belhar ..... 44
4.3 Die reaksie van die van die NG Kerk op die Belydenis van Belhar ..... 44
4.3.1 Aanloop ..... 44
4.3.2 Die Oostelike Sinode en die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde ..... 45
4.3.3 Die gemeentes van die Oostelike Sinode ..... 46
4.4 Samevatting ..... 49
4.5 Konklusie ..... 50
HOOFSTUK 5: BETEKENIS EN PRAKTYK VAN GELOOFSONDERSKEIDING .... 52
5.1 Inleiding ..... 52
5.2 Geloofsonderskeiding in die Skrif ..... 52
5.3 Geloofsonderskeiding in die geskiedenis van die Christelike kerk ..... 53
5.3.1 Skriftradisie ..... 53
5.3.2 Kloostertradisie ..... 54

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.3 Ignatius van Loyola ..... 54
5.3.4 Die Kwakertradisie ..... 54
5.3.5 Gemeentelike geloofsonderskeiding ..... 55
5.4 Missionale spiritualiteit ..... 55
5.5 Die luistersiklus in vergaderings ..... 56
5.5.1 Vertrekpunte ..... 57
5.5.2 Die drie hoof fases van die luistersiklus ..... 57
5.5.3 Enkele opmerkings oor die praktiese toepassing van die luistersiklus ..... 57
5.5.4 Die volledige luistersiklus ..... 58
5.6 Konklusie ..... 62
HOOFSTUK 6: KONKLUSIE EN AANBEVELINGS ..... 64
6.1 Inleiding ..... 64
6.2 Verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding ..... 65
6.2.1 Predikante se verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding by kerkraadsvergaderings ..... 65
6.2.2 Kerkrade se verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding ..... 65
6.2.3 Die vergadering van die Oostelike Sinode, 19 tot 21 Oktober 2014 ..... 66
6.3 Die rede vir die besluitneming oor die wysiging van Artikel 1 ..... 66
6.3.1 Die Belydenis van Belhar ..... 67
6.3.2 Die stemproses wat die Sinode aan gemeentes voorgestel het ..... 67
6.4 Geloofsonderskeiding en die luistersiklus ..... 67
6.4.1 Geloofsonderskeiding in die Skrif deur die loop van die geskiedenis ..... 68
6.4.2 Die luistersiklus as praktiese toepassing van geloofsonderskeiding in gemeentes ..... 68
6.5 Konklusie ..... 69
6.6 Aanbevelings ..... 69
BIBLIOGRAFIE ..... 71
BYLAES ..... 74
BYLAAG A: ETIESE KLARING ..... 74
BYLAAG B: VRAELYS AAN PREDIKANTE ..... 75
BYLAAG C: MOONTLIKE SAKELYS VIR DIE GEMEENTEVERGADERING ..... 79

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1 Agtergrond en motivering

*Sê God so?* vra Ferdinand Deist (1982) as titel van sy boek oor Skrifbeskouing wat midde-in Suid Afrika se politieke worsteling van die vroeë 1980's verskyn het. Meer as dertig jaar later hoor ons steeds Deist se stem. Saam met hom vra ons opnuut, *Sê God so?* wanneer die verskil in uitkoms van besluite by gemeentes van die NG Kerk in die Oostelike Sinode en die Sinode se vergadering gedurende Oktober 2014 rondom die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde[1] onder ons aandag kom.

### 1.1.1 Die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 2011 besluit om die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak. Die Algemene Sinode het dit aan die Moderamen opgedra om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel. Die Algemene Sinode van 2013 aanvaar 'n voorstel om Artikel 1 te wysig en dit baan die weg hiervoor.

Voordat die Algemene Sinode Artikel 1 kan wysig, moet die voorstel ooreenkomstig Artikel 44 van die Kerkorde deur gemeentes en sinodes aanvaar word. Die Algemene Sinode het ook besluit dat die Moderamen die kerkverband moes lei in die besluitnemingsposes oor die wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal. Die voorstel gee uitdrukking aan die wyse waarop die Belydenis van Belhar en ander belydenisskrifte deel kan word van die belydenisgrondslag van die NG Kerk.

Alhoewel die taakspan van die Algemene Sinode aanbeveel het dat die besluit oor die moontlike wysiging van Artikel 1 eers by die onderskeie Sinodes geneem word voordat dit op gemeentevlak afgehandel word, is die keuse aan elke Sinode gelaat om self te besluit oor die verloop van die proses. Die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode het reeds in 2013 besluit dat gemeentes eers moet besluit voordat die Sinode 'n besluit neem.

Daar is dus 'n tweeledige proses in die moontlike wysiging van Artikel 1.

Die eerste deel van die proses raak die Sinodes.

Artikel 44 bepaal dat al 10 Sinodes van die NG Kerk elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging moet besluit. Indien 'n Sinode die wysiging wil steun moet twee derdes of meer van die afgevaardigdes ten gunste van

[1] Vir alle verwysings na Artikels en Bepalinge, sien Oostelike Sinode:Familiereëls 2014. *Die Artikels van die Algemene Sinode 2013 en die aanvullende Bepalings van die Oostelike Sinode 2014, Reglemente en Funksionele Besluite van die Algemene Sinode, sowel as die Oostelike Sinode, is vervat.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die voorstel stem. Indien daar nie ŉ tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging by ŉ bepaalde Sinode is nie, bly Artikel 1 onveranderd.

Die tweede deel van die proses raak gemeentes.

Artikel 44 bepaal verder dat twee derdes van al die kerkrade van die NG Kerk met ŉ tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging moet besluit. Dit beteken dat 760 uit die 1138 gemeentes van die NG Kerk met ŉ tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging van Artikel 1 moet besluit.[2]

Die proses van besluitneming soos voorgeskryf deur die Algemene Sinode is gedurende Augustus 2014 deur meeste gemeentes van die Oostelike Sinode afgehandel. Die uitkoms van hierdie proses wys dat 58% van die Oostelike Sinode se gemeentes teen die aanvaarding van die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde gestem het.

Tydens die vergadering van Oostelike Sinode van 19 tot 21 Oktober 2014 het 73% van die afgevaardigdes egter positief ten gunste van die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde gestem.[3]

Die navorser is ŉ leraar van ŉ gemeente van die Oostelike Sinode wie se gemeente self aan die proses deelgeneem het. As afgevaardigde na die vergadering van die Oostelike Sinode was hy ook persoonlik teenwoordig en deel van die besluitnemingsproses van die Sinode toe 73% van die verteenwoordigers ten gunste van die voorstel gestem het.

### 1.1.2 Geloofsonderskeiding

Die begrip "geloofsonderskeiding" sal in Hoofstuk 5 breedvoerig beskryf word. Opsommend kom dit daarop neer dat dit die taak van die kerk is om die wil van die Drie-Enige God te probeer bepaal. Hahn (in Zscheile et al. 2012:147) verwys daarna as "an expression of a congregation's participation in the life of God in the world."

Pat Keifert (in Zscheile et al. 2012:145) beskryf geloofsonderskeiding soos volg: "this discipline is a deliberate practice of interpreting, a discipline of connecting and disconnecting Scripture and its interpretation through time with culture and society and the experience of the faithful in a manner that is faithful to the promises of God."

Die *missio Dei,* of God se sending na die wêreld, is die vertrekpunt van missionale gemeentes. Die Vader stuur die Seun, die Vader en die Seun stuur die Heilige Gees en die Heilige Gees stuur die kerk. Die kerk moet die inhoud van sy gestuurdheid onderskei. Die kerk behoort te vra wat die Gees van God aan die doen is in God se wêreld. Wat wil God doen? (Niemandt, 2013:73). Geloofsonderskeiding behoort tot die wese van missionale gemeentes.

Die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode het dit benadruk dat die gemeenteproses in ŉ gees van geloofsonderskeiding moet plaasvind. "Die proses van besluitneming word in ŉ gees van gebed, onderskeiding van die wil van God en in wedersydse respek en liefde onderneem".[4]

---

[2] Oostelike Sinode van die NG Kerk 2014.Agenda:68.

[3] Oostelike Sinode van die NG Kerk 2014.Handelinge:119.

[4] Riglyne vir gemeentes deur die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode opgestel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Handelinge van die Oostelike Sinode bevestig dat die belang van geloofsonderskeiding tydens die besluitnemingsproses van die Sinode beklemtoon is. Dit blyk uit die feit dat voor die Sinode tot stemming oorgegaan het, die voorsitter, ds. Dirkie van der Spuy, die vergadering ingelig het oor die betekenis van geloofsonderskeiding. Hy het verder versoek dat al die afgevaardigdes sal stilword en in gebed die Here se leiding vra. Daarna het hy self 'n gebed gedoen.[5]

Die literatuur en die kerkleiding beklemtoon die belangrikheid en waarde van geloofsonderskeiding. Die vraag is egter of en indien wel, geloofsonderskeiding in die praktyk tydens kerkvergaderings toegepas word.

Die navorser gaan poog om hierdie vraag te beantwoord. Hy doen dit deur eerstens 'n vraelys aan leraars van die Oostelike Sinode te stuur.

Dit sal opgevolg word met fokusgroeponderhoude by twee gemeentes. Die navorser is goed bekend met hierdie gemeentes aangesien hy die afgelope 20 jaar die konsulent van een van die gemeentes is en sedert 2011 is hy *Pastor Pastorum* van die ander gemeente.

Daar sal derdens verwys word na die besluitnemingsproses oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde tydens die vergadering van die Oostelike Sinode van 19 tot 21 Oktober 2014.

Die Algemene Sinode het ook bepaal dat die lidmate in gemeentes oor die saak moet stem. Alhoewel die studie hoofsaaklik op die geloofsonderskeidingsproses in kerklike vergaderings fokus, word daar ook na die gemeenteproses verwys.

## 1.2 Navorsingsprobleem

Die Oostelike Sinode het by sy vergadering in Oktober 2014 besluit om die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde te aanvaar. Van die afgevaardigdes het 73,16%[6] ten gunste van die voorgestelde wysiging aan Artikel 1 gestem. Dit was dus meer as die tweederdemeerderheid wat Artikel 44 van die Kerkorde bepaal.

Nadat die Sinode se stemproses afgehandel en die uitslag bekend gemaak is, is die uitkoms van die stemproses van die gemeentes van die Oostelike Sinode ook bekend gemaak. 64 van die 85 gemeentes se uitslae is op daardie stadium ontvang. 27 het "Ja" gestem en 37 "Nee." Van die gemeentes het 57,81% teen die wysiging van Artikel 1 gestem.[7]

Die feit dat 58% gemeentes teen die wysiging van Artikel 1 gestem het, teenoor die positiewe stem van 73% deur die Sinode, laat die vraag ontstaan na die verstaan en beoefening van geloofsonderskeiding by die verskillende kerklike vergaderings.

Die doel van die navorsingswerkstuk is om ondersoek in te stel na die verstaan en praktyk van geloofsonderskeiding deur predikante en kerkrade in die besluitnemingsprosesse oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

---

[5] Oostelike Sinode van die NG Kerk 2014.Handelinge:117.

[6] Behalwe in die geval van die amptelike uitslag van die stemproses is alle statistiese resultate in die navorsingsverslag afgerond tot die naaste vol persentasiepunt.

[7] Oostelike Sinode van die NG Kerk 2014.Handelinge:119.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## 1.3 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag is: "Hoe word geloofsonderskeiding verstaan deur kerkrade en onder predikante van die Oostelike Sinode van die NG Kerk en hoe en tot watter mate is dit in die praktyk toegepas in besluite oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde?"

Die sentrale vraag word met sekondêre vrae aangevul:

- Hoe word geloofsonderskeiding in teorie en praktyk verstaan en toegepas deur predikante in die Oostelike Sinode?
- Hoe word geloofsonderskeiding in die teorie en praktyk verstaan en toegepas deur die kerkrade van die twee spesifieke gemeentes waar fokusgroeponderhoude gedoen is?
- Tot watter mate is geloofsonderskeiding toegepas tydens die stemproses van die Oostelike Sinode oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde?
- Wat beteken die begrip geloofsonderskeiding?
- Hoe kan geloofsonderskeiding deel word van die praktyk van kerkvergaderings?

## 1.4 Navorsingsmetodologie

Osmer (2008:4) omskryf die vier kerntake waarop prakties-teologiese interpretasie fokus soos volg:

1 Beskrywend-empiriese taak. Wat is tans aan die gebeur?
2 Interpretatiewe taak. Hoekom gebeur dit so?
3 Normatiewe taak. Wat behoort te gebeur?
4 Pragmatiese taak. Hoe behoort ons daarop te reageer?

Hierdie vier vrae vorm die basiese struktuur van die navorsing en bepaal die hoofstukindeling.

Daar is van die gemengde metode of "mixed method"[8] gebruik gemaak om hierdie vrae te beantwoord.

- Om vas te stel wat die huidige verstaan van geloofsonderskeiding by predikante van die Oostelike Sinode is, is vraelyste aan een leraar per gemeente in die sinodale streek gestuur.
- Fokusgroepe is gebruik om te bepaal hoe die kerkrade van die twee gemeentes geloofsonderskeiding in die praktyk toepas.
- Vir verder toeligting van die kwalitatiewe data wat deur middel van die fokusgroepe verkry is, het die navorser 'n dokument-analise van die Agenda

[8] "The purpose of this design is to use the qualitative findings to help clarify the quantitative results. The rationale is that the qualitative results provide a general picture of the research problem while the qualitatitve results refine, explain or extend the general picture" (Maree,et al. 2011:262).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en Handelinge van die Oostelike Sinode se vergadering van 19 tot 21 Oktober 2014 gedoen.

- Om te bepaal hoe geloofsonderskeiding prakties in kerkraadsvergaderings toegepas kan word, is ‘n literatuurstudie onderneem. Die werke van Marais (2011), Olsen (1995 en 1997), Smit (2001) en Zscheile (2012) is primêr hiervoor gebruik.

## 1.5 Doel van die navorsing

Die navorsing het in die eerste plek ten doel om ondersoek in te stel na die verstaan van geloofsonderskeiding deur predikante en kerkrade en of dit prakties toegepas is in die besluitnemingsprosesse oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Oor die langer termyn is die doel om gemeentes te help met die verstaan en praktiese toepassing van geloofsonderskeiding tydens kerkraadsvergaderings.

Gemeentes moet in staat wees om belangrike missiologiese vrae soos

- *Wat is God besig om te doen*?
- *Wat wil God doen?*

sinvol in hul konteks te kan beantwoord.

Deist se vraag “Sê God so?” sal dan met meer oortuiging beantwoord kan word.

## 1.6 Etiese oorwegings

Die navorser het voldoen aan die vereistes van die Departementele Etieksiftingskomitee van die Universiteit van Stellenbosch vir die empiriese navorsing wat deur middel van die vraelyste, fokusgroepe en dokument-analise gedoen is.[9]

## 1.7 Hoofstukindeling

Hoofstukindeling, struktuur en uitleg van die navorsing.

**Hoofstuk 1** omskryf die probleemstelling, naamlik die diskrepansie tussen die uitkoms van die besluit van die Oostelike Sinode en die uitkoms van die meerderheid kerkrade van die gemeentes in die sinodale streek oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Die hoofstuk lê ook die navorsingsontwerp uit.

**Hoofstuk 2** is deskriptief-empiries van aard. Die navorsingsprosesse wat gebruik gaan word om die verstaan van geloofsonderskeiding by predikante en kerkrade te bepaal, word beskryf. Die gebruik van vraelyste en fokusgroepe as wyse van data-versameling word verduidelik en dan volg ’n beskrywing van die proses van data-analise. Daar word ook verwys na die benutting van dokument-analise.

[9] Bylaag A.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Hoofstuk 3.** In hierdie hoofstuk word die resultaat van die vraelyste wat deur predikante ingevul is, bespreek. Dit word gevolg deur ʼn bespreking van die bevindinge van die fokusgroeponderhoude wat met kerkraadslede van twee gemeentes gevoer is. Die verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding deur predikante en kerkrade wat deur die vraelyste en fokusgroeponderhoude bepaal gaan word, sal dan vergelyk word met die besluitnemingsproses van die vergadering van die Oostelike Sinode tydens sy sitting in Oktober 2014.

**Hoofstuk 4** beskryf die interpretatiewe taak van die navorsing. In die hoofstuk gaan die navorser ondersoek instel na die aanloop en agtergrond tot die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Eerstens sal daar kortliks verwys word na die inhoud en betekenis van die Belydenis van Belhar. Daarna volg ʼn bespreking van die besluitnemingsproses wat deur die Algemene Sinode aan gemeentes voorgestel is oor die hantering van die wysiging van Artikel 1.

**Hoofstuk 5** is normatief en gee ʼn beskrywing van wat behoort te gebeur. Dit gaan gedoen word deur geloofsonderskeiding aan die hand van literatuurbronne te beskryf. Daar gaan veral gebruik gemaak word van Marais (2011) se publikasie oor geloofsonderskeiding tydens kerkvergaderings waarin hy onder andere na die luistersiklus verwys.

**Hoofstuk 6** is pragmaties en bespreek die gevolgtrekkings waartoe die navorsing gelei het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 2: EMPIRIESE NAVORSING EN ONTWERP

## 2.1 Inleiding

Die doel van die navorsingswerkstuk is om ondersoek in te stel na die verstaan van geloofsonderskeiding deur kerkrade en onder predikante van die Oostelike Sinode van die NG Kerk en hoe en tot watter mate dit in die praktyk toegepas is in besluite oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

Volgens Osmer (2008:4) is die eerste taak van die teologie deskriptief-empiries van aard. Inligting word versamel om patrone en dinamika van episodes, situasies of bepaalde kontekste te bepaal. Hy verwys na ŉ "spirituality of presence" as voorwaarde om die vraag "Wat gaan hier aan?" sinvol te beantwoord. "The key term here is "attending," relating to others with openness, attentiveness, and prayerfulness" (Osmer, 2008:34).

Die eerste taak van hierdie studie is om te bepaal: wat gaan hier aan? Daar word gekyk hoe predikante en kerkrade van die Oostelike Sinode geloofsonderskeiding verstaan. Hoe is geloofsonderskeiding in die praktyk toegepas by kerkraadsvergaderings en die vergadering van die Oostelike Sinode in die besluitnemingsproses oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde?

Ivankova, Creswell en Clark (in Maree et al. 2011:257) noem dat daar drie aanvaarbare benaderings tot navorsing onderskei kan word, naamlik kwantitatiewe, kwalitatiewe en gemengde metodes (mixed methods). Tipies van die gemengde metode is die gebruik van ŉ vraelys om die deelnemers se houding ten opsigte van die onderwerp te bepaal. Dit word dan opgevolg met in diepte onderhoude om individuele persepsies vas te stel. Hulle noem verder dat alhoewel kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing verskil in die wyse hoe inligting bekom word, beide metodes gebruik kan word om dieselfde navorsingsprobleem te bestudeer (in Maree, et al. 2011:261-262).

In Hoofstuk 2 word die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsprosesse wat gebruik is, beskryf om die verstaan en praktyk van geloofsonderskeiding by predikante en kerkrade te bepaal. Die gebruik van vraelyste, fokusgroepe en dokument-analise as wyse van data-versameling word verduidelik en dan volg ŉ beskrywing van die proses van data-analise wat toegepas is.

## 2.2 Navorsingsmetodologie

### 2.2.1 Ontwerp

Hierdie studie volg die verklarende gemengde metode benadering (*explanatory mixed method design*). Inligting word bekom deur kwantitatief[10] ŉ vraelys en kwalitatief fokusgroepe te gebruik.

[10] "We focused on the most widely used strategy for collecting information form respondents (quantitavie research) or participants (qualitative research)" Maree & Pieterson (in Maree, et al. 2011:169).

Creswell (2003:16) verduidelik dit as “the study may begin with a quantitative method in which theories or concepts are tested, to be followed by a qualitative method involving detailed exploration with a few cases or individuals.”

Die rasionaal is dat die kwantitatiewe resultate ’n geheelbeeld van die navorsingsprobleem bied, terwyl die kwalitatiewe resultate die geheelbeeld verduidelik, verfyn en uitbrei (Creswell, 2003:21).

Figuur 1

Die doel van die metode in hierdie navorsing is om die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge te gebruik om die verskil tussen die uitslag oor die voorgestelde wysiging wat op sinodevlak en by kerkrade plaasgevind het, te verduidelik.

Die vraelys gee ’n breë oorsig oor die onderwerp aangesien leraars van al die gemeentes in die Oostelike Sinode daaraan deelneem.

Die fokusgroepe uit twee gemeentes help om die diepte of wese van die onderwerp te belig (Mouton & Marais, 1998:176).

### 2.2.2 Deelnemers

Die navorsingspopulasie van hierdie studie is predikante van die Oostelike Sinode en kerkraadslede van twee gemeentes van dieselfde sinodale streek.

Om te bepaal hoe predikante geloofsonderskeiding verstaan en dit toepas in kerkraadsvergaderings is ’n vraelys aan een predikant per gemeente gestuur. Gemeentes waar daar geen predikant is nie, het geen vraelys ontvang nie. By gemeentes met meer as een predikant, is die vraelys aan die leraar met die langste diens in die gemeente gestuur.

Kerkraadslede van twee gemeentes in die Oostelike Sinode is gekies om deel te neem aan die fokusgroepe. Die kerkraadslede moes ’n lid van die kerkraad wees in die periode waarin die besluit oor Artikel 1 geneem is. Die tydperk is bepaal as tussen Mei en Oktober 2014.

Die twee gemeentes stem tot ’n groot mate met mekaar ooreen.

Albei gemeentes:

- is geleë op die platteland
- se lidmate is hoofsaaklik vrugteboere
- het tussen 361 en 421 belydende lidmate

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- se leraars is nie langer as 4 jaar in die betrokke gemeente nie

Volgens Nieuwenhuis (in Maree et al. 2011:91) is die wenslike grootte van ŉ fokusgroep tussen vyf en twaalf persone. Die fokusgroepe het aan hierdie vereistes voldoen.

## 2.3 Data-versamelingsmetode

### 2.3.1 Vraelys[11]

Vir die insameling van kwantitatiewe data het die navorser van vraelyste gebruik gemaak. Die doel van die vraelyste was om te bepaal hoe predikante geloofsonderskeiding verstaan en toepas tydens kerkraadsvergaderings.

De Vos en Fouche (1998:89) definieer vraelyste as ŉ stel vrae op ŉ vorm wat deur die deelnemer in terme van die navorsingsprojek voltooi word. McMillan en Schumacher (in Maree et al. 2011:155) definieer ŉ vraelys as 'the assesment of the current status, opinions, beliefs and attitudes from a known population".

Mouton en Marais (1998:167) beskou die hoë vlak van betroubaarheid en geldigheid van kwantitatiewe data as van die sterkste punte van kwantitatiewe navorsing.

Vraelyste is vir hierdie deel van die studie gebruik aangesien dit maklik versprei kan word aan die deelnemers wat oor ŉ groot geografiese gebied woon. Die Oostelike Sinode strek oor dele van Gauteng en die Limpopo provinsie asook die hele Mpumalanga en Swaziland.

Vraelyste het die verdere voordeel dat deelnemers anoniem bly.

Die navorser het die vraelys self opgestel. ŉ Kundige op die gebied van statistiek en vraelysontwikkeling, professor Chris Smit,[12] het die vraelys geëvalueer en aanbevelings gemaak vir verbetering van die vrae en samestelling van die vraelys. Dit het bygedra tot die betroubaarheid en geldigheid van die vraelys.

Die vraelys is saamgestel uit oorwegend geslote vrae. Geslote vrae verskaf ŉ moontlikheid van vasgestelde reaksies. Die respondent moet dan ŉ keuse uitoefen tussen een of soms meer moontlikhede. Data wat verkry word uit geslote vrae is makliker om te analiseer as die in die geval van oop vrae. Maree en Pietersen (in Maree et al. 2011:161).

Sommige vrae was tweeledig (*dichotomous*) waar die respondent ŉ keuse het slegs tussen twee moontlike antwoorde.

Daar is ook veelvuldige keuse vrae waar die respondent moes kies tussen drie of meer kategorieë.

Vir die insameling van biografiese inligting is vrae van die hoof-tipe variasies gebruik gemaak.

---

[11] Sien Bylaag B vir die volledige Vraelys.

[12] Departement van Statistiek. Universiteit van Pretoria. Chris.Smit@up.ac.za.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens Bell (2005) (in Maree et al. 2011:167) word skale gebruik om navorsers te help om die gevoel en houding van respondente te bepaal. Die Likert skaal[13] met waardes van 4 en 5 is hiervoor gebruik.

Riglyne vir die bewoording van die vrae is nagekom. Maree en Pietersen (in Maree et al. 2011:155 – 170).

Die vrae is kort gehou en het op die hoofsaak gefokus:

- Duidelike, eenvoudige en ondubbelsinnige taal is gebruik.
- Daar is vooraf bepaal hoe antwoorde gekodeer sal word.
- Die respondente se opdrag is eenvoudig gehou.
- Duidelike instruksies is gegee.
- Die vraelys het aantreklik en professioneel gelyk.
- ʼn Loodsstudie is vooraf uitgevoer om die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys te verseker.
- Items in die vraelys is in die eerste persoon geformuleer.
- Items is as stellings en nie as vrae geformuleer nie.
- Die woord “nie” is vermy.

Die vraelys bestaan uit ses onderafdelings:

- Die rol van die voorsitter.
- Skrifgebruik tydens kerkraadsvergaderings.
- Gebed tydens kerkraadsvergaderings.
- Besluitnemingsproses.
- Spiritualiteit.
- Biografiese besonderhede.

### 2.3.2 Fokusgroepe

Vir die insameling van kwalitatiewe inligting het die navorser van fokusgroepe gebruik gemaak. Fokusgroepe is ʼn tegniek in navorsing wat data insamel deur middel van groepsinteraksie oor ʼn onderwerp wat deur die navorser bepaal is.

Volgens Nieuwenhuis (in Maree et al. 2011:90) is die onderskeidende kenmerk van ʼn fokusgroep dat die gesprek gefokus is op ʼn spesifieke onderwerp en dat gesprek en selfs verskil in opinie aangemoedig word. Die groepsdinamika help om inligting te genereer.

Die verskil tussen ʼn fokusgroep en ʼn groepsonderhoud is dat gesprek in ʼn fokusgroep plaasvind en aangemoedig word, teenoor ʼn groepsonderhoud waar vrae

[13] Likert Scales have the advantage that they do not expect a simple yes / no answer from the respondent, but rather allow for degrees of opinion, and even no opinion at all. Therefore quantitative data is obtained, which means that the data can be analyzed with relative ease. Sien http://www.simplypsychology.org/likert-scale.html

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

net beantwoord word sonder enige gesprek. ’n Fokusgroep is ’n semi-gestruktureerde gesprek en vrae word vooraf opgestel en dien as gespreksriglyn tydens die onderhoud.

By ’n fokusgroep is die navorser ’n waarnemende deelnemer aan die gesprek (Mouton & Marais,1998:167).

Die volgende vrae dien as gespreksriglyn:

- Wat is uniek van ’n kerkraadsvergadering?
- Beskryf hoe julle te werk gaan om oor moeilike sake besluite te neem.
- Wat is die rol van Skriflesing en gebed in besluitneming?

Nieuwenhuis (in Maree et al. 2011:91) stel voor dat die fokusgroeponderhoud begin word deur algemene vrae om die groepslede gemaklik te maak en die navorser bekend te stel. Daarna word die vrae aan die orde gestel en die deelnemers aangemoedig om aktief deel te neem aan die bespreking. Ten slotte word die gesprek afgesluit deur die gespreksleier wat ’n breë opsomming maak van die gespek en word die groep gevra of hulle daarmee saamstem.

Met die toestemming van die deelnemers is ’n stemopname van die gesprekke gemaak.

Voor die aanvang van die fokusgroeponderhoude het die navorser ’n loodsonderhoud gevoer om te bepaal of die vrae toepaslik en relevant is.

### 2.3.3 Dokument-analise

Die navorser het van verskeie dokumente[14] gebruik gemaak om die praktyk van geloofsonderskeiding tydens die vergadering van die Oostelike Sinode te beskryf.

Volgens Bowen (2009:27) is dokument-analise ’n sistematiese prosedure om dokumente hetsy gedruk of elektronies, na te gaan en te evalueer. Dokumente word gebruik om die agtergrond en konteks te verskaf, nuwe vrae te vra en dien om verandering en ontwikkeling op te merk.

Nieuwenhuis (in Maree et al. 2011:83) noem dat notules van vergaderings primêre bronne is aangesien dit nie gepubliseer is nie en die navorser dit direk van die betrokke organisasie kan ontvang.

Dokument-analise word dikwels saam met ander kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik om geldigheid van die waarneming te verhoog. Die term kruisvalidasie word as sinoniem vir *triangulation* gebruik. Mouton en Marais (1998:92) Die gebruik van meerdere metodes korrigeer mekaar se nadele en so word die beperkinge van ’n enkele metode oorkom.

### 2.3.4 Etiese aspekte

Die navorser het formeel by die Departementele Etieksiftingskomitee van die Universiteit van Stellenbosch aansoek gedoen om Etiekklaring.

[14] Sien Bibliografie vir Agendas en Notules waarvan gebruik gemaak is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Elke vraelys is vergesel met ʼn vrywaringsvorm waarin die deelnemers skriftelik toestemming tot deelname gee. Hulle het die opsie ontvang om enige tyd aan die studie te onttrek.

Deelnemers se identiteit en data word vertroulik en met respek hanteer. In verslaggewing word deelnemers se anonimiteit verseker deur van skuilname gebruik te maak. Dieselfde etiese aspekte geld vir deelnemers aan die fokusgroepe.

## 2.4 Data-versamelingsproses

### 2.4.1 Vraelys

Aangesien die respondente oor ʼn groot geografiese area versprei is, is die vraelyste elektronies per epos versprei. Hierdie wyse van verspreiding is ook koste en tyd effektief.

Die Oostelike Sinode bestaan uit 85 gemeentes. Nege gemeentes was vakant ten tye van die opname. Hierdie gemeentes het nie ʼn vraelys ontvang nie. Vier en sewentig vraelyste is uitgestuur, 38 is terug ontvang en daar was ʼn responskoers van 51%.

Vraelyste is aan slegs een predikant per gemeente gestuur. In die geval waar daar meer as een predikant in ʼn gemeente is, is die vraelys aan die leraar met die langste diens in die gemeente gestuur.

### 2.4.2 Fokusgroepe

Data-versameling het plaasgevind tydens ʼn persoonlike besoek van die navorser aan elkeen van die betrokke gemeentes.

As gevolg van tyd en afstand was daar slegs een kontak besoek by elke fokusgroep. Die besoeke het onderskeidelik op 19 en 23 Oktober 2015 plaasgevind.

Deelnemers is vooraf telefonies deur die navorser in kennis gestel van die doel, plek en tydsduur van die gesprek. In die een gemeente het die besoek plaasgevind in die pastorie en by die ander gemeente in hul gemeente kompleks.

Beide gesprekke is met die toestemming van die groepslede op band opgeneem. Die onderhoude het ongeveer 40 minute geduur.

## 2.5 Data-analise

### 2.5.1 Kwantitatief. Vraelyste

Professor Chris Smit van die Universiteit van Pretoria het die statistiese analise van die vraelyste gedoen. SAS Programming Software is daarvoor gebruik.

Vir die statistiese ontleding van die kwantitatiewe data is gebruik gemaak van gewone eenrigting frekwensie-analise[15] om persentasies te bereken.

[15] Pietersen en Maree (in Maree et al. 2011:183).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verder is tweerigting-analises[16] gedoen en getoets vir moontlike verskille tussen vlakke van een veranderlike (byvoorbeeld: stad en platteland) ten opsigte van ’n ander veranderlike (byvoorbeeld: groot en klein gemeentes).

Die verskille is getoets vir statistiese betekenisvolheid deur die p-waarde van 'n toets te vergelyk met die 5% kriterium deur middel van Fisher se eksakte toets.

Fisher se eksakte toets doen ’n presiese berekening van die p-waarde en is daarom baie intensief. As gevolg hiervan word dit nie aanbeveel vir groot steekproewe nie Pietersen en Maree (in Maree, et al. 2011:247). Aldus het dit goed gepas vir hierdie studie waar met 38 vraelyste gewerk is.

### 2.5.2 Kwalitatief. Fokusgroeponderhoude

Volgens Seidel (1998) soos aangehaal deur Nieuwenhuis (in Maree et al. 2011:100) bestaan die proses van kwalitatiewe data-analise uit drie belangrike elemente, naamlik om dinge op te merk, te versamel en daaroor na te dink.




Figuur 2

Die data-analise van die fokusgroepe is gedoen aan die hand van Tesch se agt stappe (Creswell, 2003:192-193).

Stap 1. Die onderhoude wat op band geneem is, is getranskribeer en die transkripsies is deurgelees en bestudeer. Deurgaans is aantekeninge gemaak.

Stap 2: Die transkripsies is deurgelees met die vrae: ”wat lees ek hier?” en ook “wat verstaan ek wanneer ek lees?”. Met die lees is gedagtes en temas in die kantlyn neergeskryf.

Stap 3: Hierdie proses is met albei transkripsies herhaal. ’n Lys van herhalende temas is saamgestel en gerangskik in hooftemas en unieke temas.

Stap 4: Die data met die temas is heroorweeg en kodes is aangebring.

Stap 5: Temas is beskryf en saam gegroepeer in kategorieë. Dieselfde word met die subtemas gedoen.

Stap 6: Temas is gekontroleer en geverifieer.

[16] Pietersen en Maree (in Maree et al. 2011:184).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Stap 7: Data wat by dieselfde tema of subtema behoort, is saam gegroepeer deur dit voorlopig te analiseer.

Stap 8: ŉ Verslag oor die bevindinge is opgestel.

## 2.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is beskryf hoe data versamel is om uit te vind hoe predikante van die Oostelike Sinode geloofsonderskeiding verstaan en of dit prakties neerslag vind en beoefen word tydens kerkraadsvergaderings en die Sinode se vergadering.

ŉ Beskrywing is gegee van die navorsingsmetodologie wat gevolg is. ŉ Gemengde metode van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes is gebruik om data in te samel.

Deur middel van vraelyste is inligting oor predikante se verstaan van geloofsonderskeiding in kerkvergaderings versamel. Inligting van meeste predikante van die gemeentes in die Oostelike Sinode is bekom.

Fokusgroepe uit twee gemeentes is gebruik om uit te vind of en hoe geloofsonderskeiding in die praktyk beoefen word. Data-analise is gedoen aan die hand van die agt stappe wat Tesch beskryf in (Creswell, 2003:192-193).

Deur middel van dokument-analise is bepaal of en hoe geloofsonderskeiding plaasgevind het tydens die stemproses van die vergadering van die Oostelike Sinode van 2014.

In die volgende hoofstuk word die empiriese resultaat en bevindinge van die vraelyste, fokusgroepe en dokument-analise bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 3: RESULTAAT VAN EMPIRIESE NAVORSING

## 3.1 Inleiding

Die diskrepansie tussen die uitkoms van die besluit van die Oostelike Sinode en die uitkoms van die meerderheid kerkrade van die gemeentes in die sinodale streek oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde, plaas die vraag van geloofsonderskeiding tydens kerklike vergaderings op die tafel.

In die vorige hoofstuk is die navorsingsprosesse bespreek wat gebruik is om die verstaan en praktyk van geloofsonderskeiding by predikante en kerkrade te bepaal.

In ŉ poging om te bepaal hoe predikante van die Oostelike Sinode geloofsonderskeiding verstaan en dit toepas tydens kerkraadsvergaderings is vraelyste aan een predikant per gemeente gestuur.

Die Oostelike Sinode bestaan uit 85 gemeentes. Nege gemeentes was vakant ten tye van die opname. Hierdie gemeentes het nie ŉ vraelys ontvang nie. Vier en sewentig vraelyste is uitgestuur en 38 is terug ontvang.

Die navorser wou verder bepaal hoe geloofsonderskeiding tydens kerkraadsvergaderings plaasvind. Deur middel van fokusgroeponderhoude is gepoog om die vraag dieper na te vors. Hiervoor is twee gemeentes gekies. Alhoewel die gemeentes geografies ver van mekaar geleë is, stem hulle grootliks ooreen ten opsigte van lidmaattal. Die lidmate bestaan hoofsaaklik uit die lede van die boerderygemeenskap. Die leraars van die gemeentes is albei ongeveer vier jaar in die gemeentes. Gemeente X se kerkraad bestaan uit 40 lede en funksioneer volgens die wykstelsel. Gemeente Y se kerkraad bestaan uit 14 lede en is saamgestel uit die voorsitters van diensgroepe van die gemeente.

Vervolgens word die interpretatiewe taak van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing beskryf. Die resultaat wat deur middel van vraelyste en die fokusgroepe verkry is, word in besonderhede bespreek.

Die verskil in die uitslag tussen die gemeentes en die Sinode bring die vraag oor die hantering van die geloofsonderskeidingsproses by die Sinode in sitting na vore. Na die bespreking van die vraelys aan predikante en die fokusgroeponderhoude met twee gemeentes, word ondersoek ingestel na die rol van geloofsonderskeiding tydens die vergadering van die Oostelike Sinode van 19 tot 21 Oktober 2014.

Eerstens die bespreking van die resultaat van die vraelyste aan predikante

## 3.2 Bespreking van die vraelys aan predikante

### 3.2.1 Inleiding

Die navorser het 74 vraelyste uitgestuur en 38 is terug ontvang. Daar was ŉ responskoers van 51%. Alle statistiese resultate in die navorsingsverslag is afgerond tot die naaste vol persentasiepunt.

### 3.2.2 Die rol van die voorsitter

ʼn Voorsitter speel ʼn groot rol in die verloop en atmosfeer van ʼn vergadering. By ʼn kerkraadsvergadering is ʼn predikant nie vanselfsprekend die voorsitter van die vergadering nie. In gemeentes met meer as een predikant kan die voorsitterskap tussen die medeleraars roteer. Daar is ook ʼn gebruik in sommige gemeentes dat ʼn lid van die kerkraad wat nie ʼn predikant is nie, as voorsitter aangewys word.

In die lig hiervan is dit belangrik vir die navorser om te bepaal wie die voorsitter is en of daar ʼn verskil sou wees wanneer die voorsitterskap roteer. Tot watter mate is die voorsitter slegs ʼn funksionaris wat die ordelike verloop van die vergadering handhaaf of is hy ook verantwoordelik om die vergadering te begelei om God se wil vir die gemeente te onderskei?

Dit blyk dat by 53% van die kerkrade leraars optree as die voorsitter van kerkraadsvergaderings. Hierdie uitslag is opmerklik aangesien dit tradisioneel altyd die leraar was wat as voorsitter van ʼn kerkraadsvergadering opgetree het. Agt en vyftig persent van die respondente dui aan dat die voorsitterskap roteer.

Op die vraag of die voorsitter slegs verantwoordelik is dat die vergadering volgens ordereëlings verloop, het ʼn meerderheid van 63% leraars aangedui dat die voorsitter meer as net ʼn funksionaris is wat die orde in ʼn vergadering handhaaf. Die keersy staan tog uit dat by 37% van kerkrade die voorsitter geen ander rol vervul as om die orde te handhaaf nie.

Die reaksie op die vraag wie die vergadering begelei om God se wil vir die gemeente te onderskei het die respondente soos volg reageer: Volgens 54% van die respondente begelei die voorsitter die vergadering om God se wil te onderskei en by 46% is dit ʼn ander persoon. Opmerklik dat 53% respondente aandui dat die leraar die voorsitter van die vergadering is en dat byna dieselfde getal, naamlik 53%, aandui dat die voorsitter die vergadering begelei om die wil van God te onderskei.

### 3.2.3 Skrifgebruik tydens kerkraadsvergaderings

Gelowiges aanvaar die Skrif as die Woord van God en dat dit as riglyn vir hulle lewe dien. Alle kerkraadsvergaderings word geopen met Skriflesing en gebed. Dit is belangrik om te bepaal hoe die Skrif tydens hierdie vergaderings hanteer word.

Op die vraag wie verantwoordelik is vir die spiritualiteitsoefening tydens die kerkraadsvergadering het 57% van die respondente geantwoord dat dit die voorsitter se verantwoordelikheid is.

Verder is gevra hoe die Skrif tydens kerkraadsvergaderings hanteer word.

| Hoe word die Skrif tydens kerkraadsvergaderings hanteer? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| v7 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
| Slegs Skriflesing | 2 | 5.71 | 2 | 5.71 |

| Hoe word die Skrif tydens kerkraadsvergaderings hanteer? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| v7 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
| Skriflesing en oordenking | 10 | 28.57 | 12 | 34.29 |
| Skriflesing en gesprek | 15 | 42.86 | 27 | 77.14 |
| Wandel in die Woord | 5 | 14.29 | 32 | 91.43 |
| Ander | 3 | 8.57 | 35 | 100.00 |
| Frequency Missing = 3 | | | | |

ʼn Minimum van 6% van respondente noem dat slegs Skriflesing by kerkraadsvergaderings plaasvind. Dit vind by die opening van die vergadering plaas.

Die grootste getal respondente, naamlik 43%, noem dat saam met die Skriflesing daar ook ʼn gesprek plaasvind. Indien Skriflesing en oordenking saam met Skriflesing en bespreking gereken word, kies 71% respondente daarvoor en blyk dit die meer algemene praktyk te wees. Die klein persentasie van 14% respondente wat reageer het op Wandel in die Woord, laat die vraag ontstaan tot watter mate die respondente bekend is met die praktyk van Wandel in die Woord?

### 3.2.4 Gebed tydens kerkraadsvergaderings

Daar is drie vrae gevra om te bepaal wat die rol van gebed tydens kerkraadsvergaderings is.

Eerstens wou die navorser weet wie hanteer gebed tydens ʼn kerkraadsvergadering. ʼn Meerderheid van 66% van die respondente het aangedui dat ʼn aangewese persoon gebed tydens kerkraadsvergaderings hanteer en slegs 34% noem dat die voorsitter die gebedshandeling hanteer.

Die vraag oor die wyse van gebed tydens kerkraadsvergaderings is soos volg beantwoord:

| Wyse van gebed tydens kerkraadsvergaderings | | | | |
|---|---|---|---|---|
| v9 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
| Een persoon bid | 7 | 19.44 | 7 | 19.44 |
| Meer as een persoon bid | 5 | 13.89 | 12 | 33.33 |

| Wyse van gebed tydens kerkraadsvergaderings | | | | |
|---|---|---|---|---|
| v9 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
| Lede bid in groepies | 2 | 5.56 | 14 | 38.89 |
| Kombinasie van bogenoemde | 22 | 61.11 | 36 | 100.00 |
| Frequency Missing = 2 | | | | |

Dit is duidelik uit bogenoemde tabel dat daar by ʼn beduidende persentasie van 61% respondente ʼn kombinasie van wyses is, waarop gebed in kerkraadsvergaderings hanteer word. Saam met die 66% wat aangedui het dat ʼn aangewese persoon die gebed hanteer, blyk dit dat daar nie ʼn vaste patroon is waarop gebed tydens vergaderings hanteer word nie.

Alhoewel 57% van die respondente aangedui het dat hulle aan die begin en die einde asook deur die loop van die vergadering bid, is daar 43% wat slegs aan die begin en einde van vergaderings bid.

### 3.2.5 Besluitnemingsproses

Voordat besluite geneem kan word, vind daar altyd ʼn bespreking oor die betrokke saak plaas. Daar is verskeie wyses waarop dit kan plaasvind.

Bespreking deur middel van beredenering van standpunte vind by 79%, dus die oorgrote meerderheid van die respondente, plaas. Slegs 21% van die kerkrade luister saam na die Woord om God se wil te onderskei.

Wat besluitneming betref, neem 67% van die respondente besluite nadat daar konsensus bereik is oor wat die wil van die Here is. Vyf en twintig persent van die respondente besluit met ʼn meerderheid van stemme.

By 8% van die kerkrade word sake na ʼn kommissie of taakgroep verwys vir latere besluitneming.

Dit blyk dat beredenering van sake die algemene wyse van bespreking is voordat daar besluite geneem word.

Vyf en twintig persent respondente wat positief reageer op besluitneming deur middel van meerderheid van stemme is opmerklik in ʼn sinodale gebied waar konsensus ʼn kernwaarde is.

### 3.2.6 Spiritualiteit

ʼn Kerkraadsvergadering verskil van ander vergaderings aangesien sake wat bespreek word oor God en sy wil vir die gemeente en gemeenskap handel. Die volgende vrae wou bepaal hoe kerkraadslede die vergaderings beleef.

Vir 61% van die respondente is die belewenis van ʼn kerkraadsvergadering ʼn geestelike ervaring, terwyl 39% dit as ʼn besigheidsvergadering beleef. As in ag geneem word dat slegs leraars aan die opname deelgeneem het, is hierdie persentasie nie baie hoog nie. Die navorser sou, in nabetragting, graag gewone kerkraadslede daaroor wou toets.

Aangesien tyd so ʼn belangrike deel van ons lewe uitmaak, wou die navorser bepaal of daar genoeg tyd tydens kerkraadsvergaderings is om die wil van God te kan onderskei. Die respondente het soos volg geantwoord op die vraag of daar genoeg tyd tydens ʼn vergadering is om die wil van God te onderskei.

| Daar is genoeg tyd tydens ʼn vergadering om die wil van God te onderskei | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **v15** | **Frequency** | **Percent** | **Cumulative Frequency** | **Cumulative Percent** |
| **Stem glad nie saam** | 4 | 10.53 | 4 | 10.53 |
| **Stem nie saam nie** | 4 | 10.53 | 8 | 21.05 |
| **Stem saam** | 21 | 55.26 | 29 | 76.32 |
| **Stem beslis saam** | 9 | 23.68 | 38 | 100.00 |

Net meer as die helfte, naamlik 55% van die respondente, stem saam dat daar genoeg tyd is om God se wil te onderskei. Vier en twintig persent stem beslis saam dat daar genoeg tyd is om God se wil te onderskei. Volgens 22% van die respondente is daar nie genoeg tyd nie.

ʼn Beduidende persentasie van 79% van leraars wat deelgeneem het aan die vraelys noem dat daar genoeg tyd by kerkraadsvergadering is, om God se wil te onderskei. Praktiese ervaring van meeste kerkraadsvergaderings is egter dat vergaderings so gou moontlik afgehandel moet word.

Vervolgens is die respondente gevra om hul opinie uit te spreek oor die volgende stelling: "*God, show us your will and if we like it, we will do it.*"

ʼn Meerderheid van 53% respondente stem glad nie saam nie en ʼn verdere 21% stem nie saam met die stelling nie. Opmerklik dat net meer as ʼn kwart van die respondente, naamlik 27%, positief voel oor die stelling.

Was daar enige verdieping ten opsigte van spiritualiteit in kerkraadsvergaderings oor die afgelope 10 jaar? Dit blyk dat 53% van die leraars beslis saamstem en ʼn verdere 34% saamstem dat daar ʼn dieper spiritualiteit by kerkraadsvergaderings is as 10 jaar gelede. Dertien persent beleef dit nie so nie. Dus is 87% respondente, ʼn oorgrote meerderheid, van mening dat daar die afgelope tien jaar ʼn positiewe groei na dieper spiritualiteit by kerkraadsvergaderings was.

Word ’n proses van geloofsonderskeiding gevolg wanneer kerkrade besluite neem oor belangrike sake soos die verandering van Artikel 1 van die Kerkorde? Die meeste respondente, 76%, is positief dat die besluit oor Artikel 1 geneem is na ’n proses van geloofsonderskeiding. Dus is 24% van mening dat dit nie die geval is nie.

### 3.2.7 Biografiese besonderhede

Die gemeentes van die Oostelike Sinode is versprei oor drie provinsies in Suid Afrika en daar is een gemeente in Swaziland. Biografiese besonderhede is dus van waarde vir die navorser.

Uit die vraelyste blyk dat 61% van die respondente gemeentes met hoogstens 700 belydende lidmate verteenwoordig. Nege en veertig persent deelnemers verteenwoordig gemeentes met meer as 700 belydende lidmate. Gegewens uit die *Jaarboek van die Ned Geref Kerke 2014* toon dat 54% van deelnemende gemeentes hoogstens 700 lidmate het.

Oostelike Sinode se sinodale kantoor beskou slegs die 21 gemeentes in Pretoria as stadsgemeentes. Nelspruit en Witbank het ook amptelik stadstatus en gemeentes in hierdie stede word vir die studie as stedelike gemeentes gereken. Dit blyk dat 63% van die respondente plattelandse gemeentes verteenwoordig en 37% stedelike gemeentes.

Wat die samestelling van die kerkrade betref: 39% van kerkrade word saamgestel uit ’n leraar en diensgroepvoorsitters, 28% van kerkrade word saamgestel uit leraars en wyksleiers en 33% van die respondente het aangedui dat hulle kerkrade op ’n ander wyse saamgestel word.

Mans is in die meerderheid by 84% van die kerkrade en slegs 13% van die respondente dui aan dat daar gelyke verteenwoordiging tussen mans en vroue op die kerkrade is. Slegs een gemeente het meer vroue as mans.

Uit die onderstaande tabel blyk die volgende ten opsigte van die getal en die ouderdomsgroep van kerkraadslede.

| Variable | Label | N | Mean | Std Dev | Minimum | Maximum |
|---|---|---|---|---|---|---|
| v21 | Die totale getal kerkraadslede | 38 | 20.4 | 9.6 | 8 | 44 |
| v24 | Geskatte getal kerkraadslede jonger as 40 jaar oud. | 26 | 3.8 | 3.8 | 0 | 13 |
| v25 | Geskatte getal kerkraadslede tussen 40 en 60 jaar oud | 26 | 12.2 | 6.8 | 3 | 32 |
| | Geskatte getal kerkraadslede | | | | | |

| Variable | Label | N | Mean | Std Dev | Minimum | Maximum |
|---|---|---|---|---|---|---|
| v26 | ouer as 60 jaar oud | 25 | 3.8 | 4.3 | 0 | 16 |

Daar is ʼn groot verskil in die getal kerkraadslede. Dit wissel van 8 en 44. Die gemiddelde getal kerkraadslede is 20.

Die gemiddelde aantal kerkraadslede per gemeente jonger as 40 jaar is 4.

Die gemiddelde aantal kerkraadslede per gemeente tussen 40 en 60 is 12.

Die gemiddelde aantal kerkraadslede per gemeente ouer as 60 is 4.

Die meeste kerkraadslede val in die ouderdoms groep tussen 40 en 60 jaar.

### 3.2.8 Breë gevolgtrekking

Vanuit die gegewens uit die vraelyste blyk dit dat die respondente ʼn goeie begrip toon van geloofsonderskeiding.

Die voorsitter se taak word beskryf as om die kerkraad te help om die wil van God tydens die vergadering te onderskei en nie net om te sorg dat die vergadering volgens ordereëlings verloop nie. Daar is ʼn strewe om God se wil soos Hy dit openbaar te gehoorsaam en uit te voer.

Kerkraadsvergaderings word beskou as geestelike byeenkomste en nie besigheidsvergaderings nie.

Daar is ʼn groot aantal respondente wat ʼn dieper spiritualiteit by vergaderings beleef. Dit word bevestig deur die wyse waarop die Skrif hanteer word. ʼn Groter deelname in gebed en die wyse waarop gebede tydens die verloop van vergaderings gedoen word, dra verder daartoe by.

Daar is ook volgens die meeste respondente genoeg tyd om die wil van God tydens vergaderings te onderskei.

Besluite word oorwegend deur middel van konsensus geneem. Die proses wat gevolg is om oor die wysiging van Artikel 1 te besluit, bevestig dit.

Uit die tweerigting-analise wat gedoen is, blyk dit dat daar nie ʼn verskil in uitkoms tussen stedelike en plattelandse respondente is nie. Dieselfde geld vir groot en klein gemeentes. Hieruit kan afgelei word dat daar nie ʼn wesenlike verskil is tussen predikante se verstaan van geloofsonderskeiding, ongeag van gemeente grootte of waar die gemeente geleë is nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## 3.3 Bespreking van die fokusgroepe

### 3.3.1 Inleiding

In die vorige deel van die hoofstuk het die navorser gepoog om deur middel van die bespreking van ŉ vraelys te beskryf hoe predikante van die Oostelike Sinode geloofsonderskeiding verstaan en dit toepas tydens kerkraadsvergaderings. Sodoende is ŉ breë oorsig oor die onderwerp verkry en is die geheelbeeld van die navorsingsprobleem beskryf.

Hierdie bevindinge is verder verken deur onderhoude met twee fokusgroepe te voer. Die fokusgroepe het plaasgevind by twee gemeentes in die Oostelike Sinode. Met die kwalitatiewe navorsing van die fokusgroeponderhoude het die navorser die geheelbeeld oor hoe geloofsonderskeiding prakties beoefen word tydens kerkraadsvergaderings verder verfyn en uitgebrei. Hooftemas en tendense oor hoe kerkraadslede geloofsonderskeiding verstaan en hoe dit prakties tydens kerkraadsvergaderings beoefen word, is hiermee belig.

Die volgende vrae is tydens die fokusgroeponderhoude aan die deelnemers van die fokusgroepe gestel:

- Hoe verskil ŉ kerkraadsvergadering van ŉ gewone vergadering?
- Subvraag: Hoe funksioneer gebed by ŉ kerkraadsvergadering?
- Subvraag: Hoe funksioneer die Bybel in ŉ kerkraadsvergadering?
- Subvraag: Hoe funksioneer stilte tydens ŉ kerkraadsvergadering?
- Hoe gaan die kerkraad te werk met besluitneming oor moeilike sake?

### 3.3.2 Demografie en konteks van die fokusgroepgemeentes

Ter wille van konfidensialiteit word die twee gemeentes onderskeidelik beskryf as Gemeente X en Gemeente Y.

**3.3.2.1 Gemeente X** bestaan uit 361 belydende lidmate en 130 dooplidmate. Die gemeente het slegs een leraarspos. Die huidige leraar het ongeveer drie jaar gelede die beroep na die gemeente aanvaar. Die lidmate is hoofsaaklik vrugteboere en daar is ook wildsboerdery in die omgewing. Die dorpsgebied is baie klein en die lidmate reis gemaklik na groter dorpe in die omgewing vir sake en ander belange.

Die kerkraad bestaan uit 40 lede plus die leraar. Van die 40 kerkraadslede is 4 vroue. Kerkraadslede se ouderdom verskil van persone in hul vroeë twintigs tot een lid wat vyf en sewentig jaar oud is. Die leraar is die voorsitter van die vergadering. Die gemeente is opgedeel in wyke en daar is een ouderling en een diaken vir elke wyk. Die ouderlinge en diakens vorm saam die kerkraad. Elke kerkraadslid dien op ŉ kommissie van sy of haar keuse. Hierdie kommissies vergader voor elke kerkraadsvergadering en lewer verslag aan die volledige kerkraadsvergadering. Die kerkraad vergader 4 keer in ŉ jaar.

Die fokusgroep het bestaan uit lede van die dagbestuur van die gemeente. Daar was 6 persone teenwoordig en almal was mans.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**3.3.2.2 Gemeente Y** bestaan uit 421 belydende en 120 dooplidmate. Die gemeente het slegs een leraarspos. Die huidige leraar is die afgelope drie jaar aan die gemeente verbonde. ’n Groot persentasie van die lidmate is vrugteboere. Ander is in die gasvryheidsbedryf en daar is ook enkeles met sakebelange in die dorp. Die dorp het ’n gemiddelde sakekern en lidmate gaan met uitsondering na groter dorpe vir sake en ander belange.

Die kerkraad bestaan uit 14 lede plus die leraar. Daar is 4 vroue op die kerkraad. Die hoofouderling is die voorsitter van die vergadering. Die gemeentewerk word gedoen deur kommissies en die kerkraad bestaan uit die voorsitters van die kommissies. Die kerkraad vergader een maal per kwartaal. Die kommissies vergader voor elke kerkraadsvergadering en lewer verslag van hul werksaamhede by die kerkraadsvergadering.

Die fokusgroep het bestaan uit vyf kerkraadslede waarvan drie vroue was.

### 3.3.3 Bespreking van navorsingsbevindinge

**Hoe verskil ’n kerkraadsvergadering van ’n gewone vergadering?**

Gemeente X

Die volgende opmerking van navorsingdeelnemers van hierdie gemeente is kenmerkend van die algemene reaksie op hierdie vraag:

**B:**

“*kommissies doen hulle werk vooraf, kerkraadsvergadering (is) basies net terugrapportering van kommissies, bitter min uitgerekte besprekings*”

**C**:

“*besprekings reeds uitgetrap deur kommissie, as jy soontoe gaan is daar reeds ’n voorstel, teenvoorstel en ’n antwoord, is kort en kragtig*”

“*ek dink ons vergaderings is kort en bondig teenoor skoolraad kommittees*”

**A**:

“*as jou dinkwerk reg is, is dit eintlik stempels wat ouens op die ding sit en dit werk goed*”

**B**:

“*die meer effektiewe werkswyse van die kommissies, ... werk ons strukture reg*”

Die kerkraad is gestuktureerd rondom die kommissies en neem dus kennis van die verslae van die onderskeie kommissies wat vooraf vergader het. Die gevolg hiervan is dat bespreking tydens vergaderings beperk word.

Van die deelnemers het verwys na die feit dat hierdie werkswyse die tydsduur van vergaderings inkort. Soms word sake van die dagbestuur per epos hanteer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**A**:

"*tyd is 'n kwessie ... aande is beperk vir vergadering hou ... tyd is van kardinale belang*"

Gemeente Y

Die voorsitter van die gemeente is die hoofouderling. Opmerkings van deelnemers wat hierdie vraag opsom is die volgende:

**T**:

"*daar word puntsgewys by die agenda gehou, daar word nie van die agenda afgedwaal nie, dit help baie om jou vergadering konstruktief te hou ... "*

**I**:

"*as ons die aand hier sit het almal reeds deur die notules en agenda gegaan so jy kom redelik voorbereid hier aan ... jy is reeds vooraf ingelig daaroor ... "*

**T**:

"*dan weet ons presies wat by die kommissies aan die gang is, jy het klaar 'n oorhoofse idee van wat daar aangaan, kort en bondig kan ons daaroor gesels"*

**I**:

"*ek is trots op ons kerkraadsvergaderings, jy begin met die ding en jy eindig met die ding ... jy kan verseker wees as jy nou ses uur begin gaan jy actually agt uur huis toe*"

Gemeente Y se kerkraad word saamgestel uit die voorsitters van die onderskeie kommissies. Tydens die vergadering word verslag gegee van die afgelope kwartaal se werksaamhede by wyse van verslae wat voor die tyd opgestel en versprei is. Opmerklik is die waardering vir die feit dat streng by die agendapunte gehou word en dat die vergadering binne die bepaalde tydskedule afgehandel word.

**Samevatting**

Uit die bespreking van die navorsingsdeelnemers blyk dit dat:

- Kerkraadsvergaderings voorafgegaan word deur kommissievergaderings. Verslae van die kommissievergaderings word by die kerkraadsvergadering bespreek.
- Daar word gehou by vergaderingsprosedure.
- Tyd is 'n belangrike faktor wat altyd in ag geneem word.

Die navorser het geoordeel dat die antwoorde op die eerste vraag nie by die onderwerp van geloofsonderskeiding uitkom nie en het van *probes* of voelers gebruik gemaak om die bespreking verder te neem. Die volgende subvrae is gevra:

Hoe funksioneer gebed by julle kerkraadsvergadering?

Hoe funksioneer die Skrif by die opening van jul kerkraadsvergadering?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Hoe funksioneer gebed by julle kerkraadsvergadering?**

Die deelnemers het die volgende opmerkings oor die funksionering van gebed gemaak:

Gemeente X

**D**:

"*Met die opening, ook met die toerusting wat daarmee gepaard gaan, dis 'n kombinasie*"

**E**:

"*Ons het ook al twee-twee gebid*"

**B**:

"*Kyk die dominee open gewoonlik vir ons, somtyds gee hy geleentheid vir gebed by 'n spesifieke punt, dan word iemand gevra, of as daar 'n saak is waaroor ons moet bid dan vra hy kom ons bid oor die saak en by die afsluiting vra hy gewoonlik iemand om af te sluit*."

**A**:

"*Dan besef ons hoe ons afhanklik is van God se leiding en sy voorsienigheid en dan bid ons ... "*

*"gebed in 'n kerkraadsvergadering gaan nie vir my oor die lang stroperige gebede nie, van die hond tot in die ewigheid in nie, maar dis oor die man af goed, goed wat impak maak, kort en kragtig*.."

**C**:

"*Toe ons oor 'n paar swaar sake moes gepraat het, het hy die feite uitgelê, dit bespreek en dan het die gebed daaroor gegaan en ons kon stil word en daar het dit nogal vir my, wil ek sê nege en negentig persent getel, die gebed ... "*

By Gemeente Y vind gebed deur die loop van die kerkraadsvergaderings plaas. Met die opening en afsluiting maar ook wanneer kontensieuse of moeilike sake bespreek word. Verskillende persone kry geleentheid om te bid en daar is 'n variasie in die wyse van gebed.

Gemeente Y

**I**:

"*Ons open met gebed en Skriflesing ... en ons sluit af met gebed*"

**D**:

"*maar onthou verlede jaar, toe ons agtergekom het die finansies is in 'n krisis*"

**I en M**:

"*Ja toe het ons stil geraak en in gebed gegaan*"

**D**:

"*so met sekere goed, maar nie altyd nie, stop en bid ons*"

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**I**:

"*ons het altyd op ons agenda lief en leed, die gebedsbedieninge sal byvoorbeeld in die week bid daarvoor en dan sal ons in die kerkraadsvergadering by daardie afdeling gaan stilstaan en ook daarna kyk …* "

"*Die een wat open sal daaraan dink en die ou wat eindig sal dit noem …* "

Gebed vind meestal by die opening en afsluiting van die vergadering plaas maar daar is soms geleenthede, krisisse en sake waarvoor spesiaal gebid word. Uit die bespreking is dit duidelik dat gebed ook ŉ belangrike rol speel tydens die kommissie vergaderings en dat kerkraadslede ook by die huis verder bid oor bepaalde sake.

**Ch**:

"by die kommissievergadering vra ons en ons bid en sê:'Here asseblief' ... "

**Samevatting**

Die volgende blyk uit die data oor gebed tydens kerkraadsvergaderings:

- Gebed is ŉ belangrike deel van kerkraadsvergaderings.
- Gebede vind hoofsaaklik plaas aan die begin en einde van die vergaderings.
- Alhoewel daar van tyd tot tyd op ander tye as die opening en afsluiting van die vergadering gebid word, bly dit die uitsondering.
- Verskillende wyses van gebed vind wel plaas.
- Daar is ŉ groeiende tendens by beide die kerkrade om by verskillende geleenthede in die vergaderings te bid.
- Opmerklik dat nie een van die gemeentes dit duidelik genoem het dat gebed ŉ rol speel om die wil van God vir die gemeente te onderskei nie.

Die tweede vraag wat gevra is om nader te beweeg aan geloofsonderskeiding tydens kerkraadsvergaderings het gehandel oor die funksionering van die Bybel tydens kerkraadsvergaderings.

**Hoe funksioneer die Skrif tydens kerkraadsvergaderings?**

Daar word onderskei tussen Skrifgebruik tydens die opening van die kerkraadsvergaderings en Skrifgebruik wanneer daar besluite geneem word. Eerstens word gekyk na die uitsprake van die deelnemers oor Skrifgebruik by die opening van die kerkraadsvergadering.

Gemeente X se deelnemers maak die volgende opmerkings oor Skrifgebruik by die opening van die kerkraadsvergadering:

**C**:

"*Dit word vroeg in die vergadering gedoen.*"

**B**:

"*Die dominee gee met sy opening, druk hy vir ons daardie gedeelte met bespreking en somtyds vrae daaroor wat ons dan hanteer. Dis daai inligting of voorafgaande toerusting te gee aan die manne want jy kry nie altyd almal op al die vergaderings*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*bymekaar nie, dis een van die geleenthede wat goed benut word en daar staan die Bybel sentraal vir my*.

*Die opening is ŉ goeie halfuur na 45 minute van die vergadering, dis die geleentheid om ook toerusting te gee* ...

*Die Bybelstuk (gaan) nie noodwendig oor die probleem om iets wat in die kerkraad bespreek word nie, dis baie keer net ŉ interessante stukkie wat mens mislees en dan gee dominee vir ons lekker insigte en sê 'Kyk ŉ bietjie hierna' en dan bespreek ons dit met mekaar, ons kom in groepies bymekaar en teken die punte aan en dan gesels ons weer daaroor, maar dis nie breedvoerig nie, dis in detail, maar is nie noodwendig wat in die vergadering bespreek gaan word nie*"

Uit bogenoemde uitsprake blyk dat die opening van hierdie gemeente se kerkraadsvergaderings normaalweg gebruik word om die kerkraadslede toe te rus en inligting oor bepaalde onderwerpe uit die Bybel deur te gee. Hierdie onderwerpe is nie noodwendig van toepassing op dit wat in die vergadering bespreek gaan word nie.

Gemeente Y

Deelnemers van Gemeente Y spreek hulle soos volg uit oor Skrifgebruik tydens die opening van kerkraadsvergaderings:

**T**:

"*By die kerkraadsvergadering, met die opening van die vergadering met die Skriflesing, die Skriflesing is gewoonlik en meeste van die tyd van toepassing op dit waarmee ons besig is, dis nie sommer net ŉ stukkie wat gelees word om dit af te rammel nie en dit klaar te kry nie, dis gekies vir ŉ bepaalde rede*"

**I**:

"*ons het nog altyd al die kerkraadsvergaderings geopen met Skriflesing en gebed, dit het nog nooit anders gewerk nie, dit was nog altyd so*"

"*die Skriflesing is nie net sommer ek blaai my Bybel en kom ons lees sommer net die versie, ek dink daar gaan rêrig gebed in, dis soos Sondagoggend ... "*

**T**:

"*die Skriflesing en die Skrif self bring jou fokus terug waar jy moet wees …* "

"*dis ŉ gejaagde dag en dan bring die Woord jou terug waar jy moet wees en dan weet jy dat dit is alles wat ons hier bespreek word aan die einde van die dag, op ŉ stadium getoets aan die Woord*"

Deelnemers van Gemeente Y is dit eens dat moeite gedoen word met die Skriflesing tydens die opening van die kerkraadsvergaderings.Die Skriflesing word so gekies dat dit betrekking het op dit wat in die vergadering bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Samevatting**

- Beide die gemeentes doen moeite met die opening van hul kerkraadsvergaderings. Daar word nie net vinnig ʼn kort gedeelte uit die Bybel gelees en gebid sodat met die vergadering voortgegaan kan word nie.
- Gemeente X fokus sterk op toerusting en die deurgee van inligting terwyl Gemeente Y poog om die lig van die Skrif op van die sake wat tydens die vergadering bespreek gaan word te laat val.
- Dit verskil van die tradisionele wyse van kerkraadsopening waar net ʼn gedeelte uit die Bybel gelees is en dan sonder enige bespreking of oordenking ʼn gebed gedoen is.

**Hoe funksioneer stilte in ʼn kerkraadsvergadering?**

Aangesien stilte ʼn belangrike element van geloofsonderskeiding is, wou die navorser by die fokusgroepe uitvind watter rol stilte in hul vergaderings speel.

Die vraag aan deelnemers van Gemeente X oor stilte in ʼn kerkraadsvergadering word weergegee deur die volgende uitsprake:

**C**:

"*Ons het so tyd gelede die diakens en ouderlinge na mekaar toe getrek en in dominee Z se tyd (die huidige leraar) het ons ook so een op een by mekaar stilgeword en vir mekaar gebid*"

**A**:

"*Ek kan nie daar (in kerkraadsvergadering) stil genoeg raak om ʼn antwoord te kry nie, dit voel vir my hier is ʼn 'presurised silence'* "

**C**:

"*Ek dink ons het die voorreg dat tagtig persent, as dit nie meer is nie, ons bly in die natuur en ons leef in die natuur en daar kom ʼn ou uit om stil te raak en daarom is dit dat A gesê het dit voel so geforseerde ding om te sê, nou moet julle gaan en stil word ... ons het genoeg tyd vir onsself, wat ʼn groot voorreg is in die natuur ...*

*so ek gaan raak stil...die ouens sê hulle gaan bos toe …* "

Alhoewel Gemeente X se kerkraadslede enkele kere blootgestel is aan die gebruik van stilte tydens ʼn vergadering, is hulle van mening dat hulle genoeg geleentheid vir stilte in die natuur waar hulle woon en werk het. Hulle beleef dit dan geforseerd wanneer dit in ʼn vergadering plaasvind.

Deelnemers van Gemeente Y het hulle soos volg uitgespreek oor die rol van stilte in ʼn kerkraadsvergadering.

**I**:

"*By ʼn vorige vergadering het ons, was daar geleentheid vir stilte, ek dink ons begin meer aandag gee daaraan en dis absoluut goed wat werk, jy kom hier aan gejaagd,*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*mmm, dis chaos. Jy is nog by vanmiddag se honderd en tagtig goed wat jy gedoen het en jy is nie gefokus op wat hier moet gebeur nie*"

**T**:

"dis nie net hier kom neerplak, en kom sê hoe gaan dit en dan laat waai ons nie ... "

Gemeente Y het by die derde vergadering van die jaar, dit wil sê, twee maande voor die fokusgroep onderhoud, vir die eerste keer aandag aan stilte gegee. Soos blyk uit die antwoorde was daar groot waardering daarvoor. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die navorsingsondersoek fokus op die tydperk Mei tot November 2014. Gedurende daardie tydperk was hulle nog nie blootgestel aan die benutting van stilte tydens ŉ vergadering nie.

**Samevatting**

- Die twee fokusgroepe verskil van mekaar ten opsigte van die vraag oor die rol van stilte by ŉ kerkraadsvergadering. Vir die deelnemers van Gemeente X berus die verantwoordelikheid van stilte nie in die vergadering nie maar eerder persoonlik waar jy op jou eie op ŉ stil plek iewers in die natuur is.
- Die blootstelling aan stilte in ŉ vergadering is uiters positief beleef deur die deelnemers van Gemeente Y. Die waarde van stilte vir hulle is juis dat hulle in die regte stemming kom vir die vergadering en dat hulle kan afskakel van die gejaag van die werksdag.

**Hoe gaan die kerkraad te werk met besluitneming oor moeilike sake?**

Hierdie vraag verken die navorsingsdeelnemers se ervaring rondom besluitneming oor moeilike sake. Daar is pertinent verwys na die hantering van die besluit oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Die volgende uitsprake is ŉ opsomming van wat die deelnemers gesê het:

Gemeente X

**B**:

"*Die mense neem kennis van die besluite wat die kommissies gedoen het, so daarna betrek ons nie weer die Bybel nie, maar as dit belangrike goed is soos die goed wat nou op die tafel kom, dan gebruik ons dit.*"

**C**:

"*Kyk die Belhar ding was vir baie mense ŉ ding in die verlede aan die politiek gekoppel en as jy dit sou afkondig sonder ordentlike inligting sou daar honderd persent 'nee' gewees het ... maar Z (die dominee) het moeite gedoen deur al die inligting uit die Bybel uit en dit eers met die kerkraad deurtrap en dit self van die preekstoel af neutraal oorgedra.. Dis wat die Bybel sê, feit ... Ek het persoonlik uit my standpunt daarna gekyk en gevra wat is verkeerd hier wat nie onbybels is nie en ek kon niks verkeerd kry daarin nie, ek dink die inligting wat deurgegee was kon die ou aan die dink sit ...* "

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**A**:

"*Ek dink die Belhar ding is 'n moeilike een om pertinent direkte Skrif te kry, dit gaan jy nie kry nie, ek wil amper sê ons besluit oor Belhar was meer op Christelike norme gebaseer as op direkte Bybelse voorskrifte, hoe tree ons op teen ons medemens oor die algemeen, elke dag 'who ever' dit is, waar hy is, waar hy geplaas is* ...

*Hoekom sit die Here ons in daai woestyn ... sodat ons kan dink en as ons nie dink nie dan sterf ons daar in die woestyn, maar dis waar strategiese denke begin* ... "

Die deelnemers het hulle ook positief uitgespreek oor die feit dat besluite met konsensus geneem word.

**A**:

"*So as ons sulke kern belangrike goed het, ... dan sê ons kêrels kom ons 'park' die ding*"

**D:**

"*Maar dit moet 'n honderd persent besluit wees, dit werk nie op nege en negentig persent nie, so as daar ene is dan gaan ons huis toe en jy doen jou dink en jy kom oor 'n maand terug met die volgende vergadering, en as daar nou 'n deadline is, dan sal ons dit 'n bietjie druk ... dis meer 'n kwessie van almal moet saamstem, as jy nie saamstem nie dan moet ons 'n antwoord gaan soek*"

Gemeente Y

**I**:

"*Verseker is ons uitgangspunt gebed. Met alles ... het ons honderd persent gesteun op gebed. Dieselfde met die Belhar, ons het die gemeente se hart gehoor en ons het hier gesit en ek dink ons het eers die volgende keer besluit maar die kwaliteit was gebed, dit was die uitgangspunt van al die keuses gewees, dit kan ek met eerlikheid sê*"

**Navorser**

*Hoe het die Skrif gewerk in daardie tyd?*

**I**:

"*Die Skrif het ingekom wanneer die opening gedoen is wat op die persoon wat die opening gedoen het se hart was, ek sou sê tydens die keuses en die besluite, dan sou iemand byvoorbeeld 'n Bybelgedeelte aanhaal en daaroor sal ons bietjie bespreek ensovoorts, maar dit was nie, mmm dit was soos, dit was jou riglyn of iets om oor te dink, maar nie, ons besluit was nie die versie of die gedagte wat die persoon met ons gedeel het nie, maar daar was geluister daarna*"

**D**:

*As deel van die aanbieding, daar was mos riglyne wat hulle vir ons gegee het, teksgedeeltes wat hulle ons gegee het, daai goed het ons met die kerkraad, met die gemeente, ons het presies gedoen soos hulle vir ons gegee het*"

**Almal stem saam**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Navorsingsdeelnemers was dit almal eens dat meeste besluite met konsensus geneem word. Selfs wanneer ŉ besluit geneem moet word met die uitbring van stemme, word seker gemaak dat dit in ŉ gees van eensgesindheid gedoen word.

**M**:

"*..maar toe ons by daai deur uitstap was almal happy met wat ons besluit het, daarom kies ek vir die woord eensgesind*"

Die belangrikheid van gebed is beklemtoon deur die deelnemers, tog is dit duidelik uit die respons dat die Skrif self nie ŉ groot rol gespeel het in die besluitnemingsproses nie. Die vergadering is geopen met Skriflesing, die Skrif was ŉ riglyn maar die besluit is nie geneem op grond van ŉ bepaalde Skrifgedeelte nie.

Die riglyne van die Sinode, soos bespreek gaan word in Hoofstuk 4, is streng nagevolg.

### 3.3.4 Samevatting

Vir beide die gemeentes was die besluit oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde ŉ belangrike saak. Let wel, die deelnemers verwys telkens na "Belhar" in hul gesprekke hieroor.

Die riglyne wat die Oostelike Sinode aanbeveel het, is in beide gemeentes nougeset nagevolg.

Gemeente X se kerkraad en lidmate is deeglik ingelig oor die agtergrond van belydenisskrifte. Die respondente noem egter nie dat die Skrif hulle duidelik gelei het nie. Hulle het nie ŉ deeglike studie van die Skrif gedoen oor die sake wat in die Belydenis van Belhar uitgespreek word nie. Uit hul antwoorde blyk dit dat algemene Christelike norme en strategiese denke vir hulle rigtinggewend was.

By Gemeente Y was die Skrif gebruik by die opening van die vergadering en daar is na die Skrif verwys. ŉ Respondent verwys pertinent dat alhoewel na die Skrif geluister is, dit nie die besluitneming noodwendig beïnvloed het nie.

In beide gemeentes was daar een deelnemer wat sterk leiding geneem het in die gesprek. Dit was duidelik dat die leierouderling van die een gemeente se opinie groot gewig dra. In die ander geval was dit die kerkraadslid wat die langste dienstermyn op die kerkraad het.

### 3.3.5 Konklusie oor die bevindinge van die fokusgroepe

Kerkraadsvergaderings verloop streng volgens bepaalde agendapunte en prosedures. Dit is die duidelikste onderskeiding tussen kerkraad en sekulêre vergaderings.

Tog is daar getuienis van geloofsonderskeidende praktyke tydens die kerkraadsvergaderings.

Hierdie praktyke het egter nie ŉ groot rol gespeel tydens die besluitneming oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde nie.

Daar moet in gedagte gehou word dat die Oostelike Sinode se werkswyse wat wegbeweeg van die tradisionele vergaderingsprosedure neerslag vind in gemeentes

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

se vergaderings. Veral in een gemeente het daar die afgelope jaar baie gebeur om meer te fokus op geloofsonderskeidende praktyke. Dit het ŉ invloed gehad op die uitkoms van die fokusgroeponderhoud.

## 3.4 Oostelike Sinode

### 3.4.1 Inleiding

Die doel van die navorsingswerkstuk is om ondersoek in te stel na die verstaan van geloofsonderskeiding deur kerkrade en onder predikante van die Oostelike Sinode van die NG Kerk en hoe en tot watter mate dit in die praktyk toegepas is in besluitneming oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

Deur middel van die vraelys en fokusgroepe het die navorser gepoog om ŉ idee te kry oor die verstaan van geloofsonderskeiding by predikante en kerkrade en hoe dit prakties toegepas en beoefen word tydens kerkraadsvergaderings.

Die diskrepansie in die uitslag oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde tussen gemeentes van die Oostelike Sinode en die uitslag van die vergadering van die Sinode self, laat die vraag ontstaan hoe geloofsonderskeiding by die vergadering van die Sinode plaasgevind het en in watter mate dit verskil van hoe dit by gemeentes gebeur het.

Vir die doel van die studie is dit van belang om die besluitnemingsproses van die kerkraadsvergaderings met dié van die Sinode te vergelyk aangesien die meeste predikante ook afgevaardigdes by die Sinode is.[17]

Vervolgens word die hantering van die besluit oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde by die sestiende vergadering van die Oostelike Sinode wat van 19 tot 21 Oktober 2014 by Pierre van Ryneveld plaasgevind het, bespreek.

Die Agenda en die Handelinge van die Oostelike Sinode van 2014 word as brondokumente gebruik.

### 3.4.2 Kenmerke van die Oostelike Sinode

Gemeentes, ringe en sinodes het hul eie unieke identiteit en karakter. In elke uitgawe van die Sakelys van die Oostelike Sinodale spreek die Sinode homself baie duidelik uit oor wie hy is en hoe hy sy werk verrig. ŉ Begrip hiervan help om die wyse waarop die Oostelike Sinode die wysiging van Artikel 1 hanteer het, te verstaan.

In die sakelys word na die volgende sake verwys (Agenda. Oostelike Sinode 2014:6).

3.4.2.1 Waardes

- Ons wil voor God leef soos Jesus ons geleer het.
- Ons wil besluite neem wat berus op die Bybel en ons belydenis.
- Ons wil soos ŉ gesonde familie in goeie, liefdevolle verhoudings met mekaar leef.

[17] Die Kerkorde. Artikel 33 en Bepaling 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Ons wil sensitief wees vir die veranderende manier waarop mense die wêreld verstaan en daarin leef.
- Ons wil ruimte maak vir God se ryke verskeidenheid van mense en gemeentes.
- Ons wil met God se liefde uitreik na die nood van die wêreld.
- Ons wil groei in verhoudinge met gelowiges van ander kerke.

3.4.2.2 Uitgangspunte

- Die Sinode is die sigbare uitdrukking van die wesenlike eenheid van die Kerk. Dit word bepaal deur: a) die Gereformeerde Skrifverstaan en b) die drie Gereformeerde belydenisskrifte.
- Die Sinode gebruik die familiemetafoor om ŉ klimaat te skep waarbinne ons in ons tyd sinvol Kerk kan wees.
- Elke kerkvergadering (gemeente, ring, sinode en Algemene Sinode) het ŉ eie funksie; en die Sinode doen slegs wat die Sinode behoort te doen.
- Hoe verder ŉ vergadering van ŉ gemeente verwyder is, hoe minder permanensie en struktuur behoort dit te hê.
- Die wesenlike van kerkwees is dat die Kerk in verhouding staan met God, homself/haarself en die wêreld. Hierdie aspekte behoort in elke werksaamheid van die Sinode gestalte te kry.
- Die Sinode fokus op gesonde gemeentes, veral in ons gebied, in diens van die koms van die Koninkryk.

3.4.2.3 Visie en slagspreuk

- Die Oostelike Sinode het as visie geformuleer dat die Kerk se wesenlike taak en roeping is om God drie-enig te aanbid, mekaar onderling te versorg en om getuienis in die wêreld te lewer. *Ons-is-daar-vir-God; ons-is-daar-vir-mekaar* en *ons-is-daar-vir-die-wêreld*.
- Uiteindelik is die bestaan van die Sinode saamgevat in ŉ slagspreuk. Die slagspreuk is soos volg bewoord:

  *Die Sinode wat Hoor, Dien en Lei ...*

3.4.2.4 Tema en doel

- Die tema van die 2014 Sinode is: *Van oorlewing na impak! Saam op pad.*
- Die doel wat die Sinodale Diensraad wil bereik is:

  Een: Elke afgevaardigde moet aan die einde van die Sinode kan getuig dat die vergadering vir hom of haar ŉ diep geestelike ervaring was.

  Twee: Daar moet opgewondenheid wees oor die sake wat in die gemeentes gedoen kan word.

  Drie: Die momentum moet versterk wees oor die proses waarmee die Sinode besig is en die afgevaardigdes moet uitgenooi word om hieraan deel te neem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4.2.5 Hantering van die Agenda (Slegs enkele aanhalings)

- Elke verslag dui op die eerste bladsy aan volgens watter formate die sake hanteer word. Elk van die formate geskied volgens eie reëls.
- Tydens die ***Inligtingsformaat*** word slegs van alles kennis geneem. Die grootste gedeelte van die Agenda en die aanbiedings deur die sprekers vind in dié formaat plaas. Daar word hiervan slegs kennis geneem en dit is afgehandel.
- Dikwels kan die *Inligtingsformaat* oorgaan in die ***Konferensieformaat***. Dan word die geleentheid gebied vir die maksimum deelname van die belangstellendes by die saak. Hiertydens word genoeg tyd vir (tafel-) gesprekke toegelaat. Terugvoer word op verskeie maniere gedoen, maar daar word nie noodwendig besluite geneem nie.
- Die fokus van die gesprek om die tafels is die sake op die ***Tafeltente***. Geleentheid word vir terugvoer op verskillende wyses gebied, net ŉ aantal tafels kan uiteraard op ŉ keer mondelinge terugvoer gee.
- Die ***Besluitnemingsformaat*** geskied volgens die reëls van vergaderinge om tot ŉ besluit te kom. In dié verband word daar dan afgewyk van die meer informele karakter van ŉ familiegesprek, die formele vergaderingprosedures (soos by ŉ huisvergadering) geld dan hier. Die prosedures word dan sorgvuldig toegepas ten einde die gesprek regverdig te lei en tot besluitneming te kom.
- Die Sinode is baie selektief in die neem van besluite. ŉ Besluit wat geneem word, moet relevant wees en ŉ verskil kan maak wanneer dit uitgevoer word.
- Daar word nie graag oor ŉ saak **gestem** nie. Dit dryf die familie uitmekaar. Ons probeer eerder konsensus bereik. Indien wel gestem moet word, gebruik elke afgevaardigde drie kleurkaarte. Die kaarte van elkeen se keuse, word gelyktydig opgesteek, sodat die “kleur” van die vergadering met een oogopslag gesien kan word. Indien die kleur nie sondermeer duidelik is nie, word die saak eerder terugverwys. **Groen is “ja”, rooi is ”nee” en geel is “onseker.”**

3.4.2.6 Tafelgesprekke

Die Sinode word ingerig sodat al die afgevaardigdes rondom tafels plaasneem.

- Tafels word gebruik waar net agt persone sit.
- Tafelleiers is versoek om te reël dat daar altyd iemand beskikbaar is om die gesprek te laat vloei.
- Die sekretaris kan roteer, sodat meer mense betrek word. Iemand moet net die hele tyd aantekeninge maak oor die sake wat gevra word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4.2.7 Samevatting

Hierdie breedvoerige bespreking oor die karakter en werkswyse van die Oostelike Sinode is van belang aangesien dit ŉ beeld vorm van die gees en atmosfeer waarbinne vergaderings van die Oostelike Sinode oor die afgelope paar jaar plaasvind.

Dit is belangrik vir hierdie studie oor geloofsonderskeiding, om kennis te neem dat dit een van die doelwitte van die Sinode is dat elke afgevaardigde die vergadering as ŉ geestelike ervaring sal beleef.

Ook dat die Sinode se waardes insluit dat hulle ruimte wil maak vir God se verskeidenheid van mense en dat hulle wil groei in verhoudinge met gelowiges van ander kerke.

En verder ook dat die Sinode sensitief is vir die veranderende manier waarop mense die wêreld verstaan en daarin leef.

### 3.4.3 Oostelike Sinode se hantering van die keuse oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde tydens sy vergadering van 19 tot 21 Oktober 2014

Die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is ŉ tweeledige proses. Eerstens raak dit die Sinodes. Artikel 44 van die Kerkorde bepaal dat al tien Sinodes van die NG Kerk elk met ŉ tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging moet besluit.

Tweedens raak dit die gemeentes. Artikel 44 van die Kerkorde bepaal ook dat twee derdes van al die kerkrade van die NG Kerk elk met ŉ tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging moet stem. Dit beteken dat 760 van die 1138 gemeentes van die NG Kerk met ŉ tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging van Artikel 1 moet besluit.

3.4.3.1 Inleiding

Die Sinodale Diensraad het geoordeel dat daar nie tydens die huidige Sinodevergadering weer oor die inhoud van die Belydenis van Belhar gepraat sal word nie. Die inhoud is in die verlede reeds by twee vergaderings van die Sinode (2005 en 2009) asook by drie Voetsoolsinodes (2004, 2008 en 2013) sowel as by twee konsultasies met gemeentes (2006 en 2008) breedvoerig bespreek.

Die fokus van die gesprek tydens die Sinode val dus op die moontlike verandering van Artikel 1 en die betekenis daarvan.

Dit kan soos volg opgesom word:

- Die voorstel gee uitdrukking aan die wyse waarop die Belydenis van Belhar en ander belydenisskrifte deel kan word van die belydenisgrondslag van die NG Kerk.
- Dit is ŉ konsensus voorstel en nie ŉ kompromie nie. Konsensus beteken dat verskillende partye niks prysgee nie, maar eerder vir mekaar ruimte maak om mekaar in die middel te ontmoet.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die voorstel skep ruimte na beide kante. Dit laat ruimte vir individue en vergaderings wat die Belydenis van Belhar wil aanvaar om dit wel te doen, maar dwing geen individu of vergadering om dit te doen nie.
- Die voorstel wil eenheid dien en skeuring ten alle koste vermy.
- Die voorstel neem die diversiteit wat in die NG Kerk oor die Belydenis van Belhar bestaan in ag.
- Die voorstel wil geen lidmaat, ampsdraer of vergadering in enige rigting dwing nie.

3.4.3.2 Die verloop van die proses tydens die sinodesitting.

Die Algemene Sinode het versoek dat die proses op beide gemeentevlak en tydens sinodesittings in ʼn gees van gebed, onderskeiding van die wil van God en in wedersydse respek en liefde onderneem moet word.

**Spiritualiteit**

Tydens die sinodesitting was daar drie spesiale geleenthede waar die sinodegangers gelei is om die vergadering te beleef as ʼn geestelike byeenkoms waar die wil van God onderskei moes word.

Op die eerste sittingsdag was daar soos gebruiklik by alle sinodes, ʼn erediens waartydens die Nagmaal gevier is.

Aan die begin van die tweede en derde sittingsdae was daar toewydingsgeleenthede wat bestaan het uit samesang, gebede en ʼn oordenking. Daar was ruim tyd op die program toegelaat vir hierdie geleenthede:

- Nagmaalsdiens. Die erediens en bediening van die nagmaal is deur die Voorsitter van die Sinodale Diensraad, dominee Dirkie van der Spuy, waargeneem.

  Skriflesing. Handelinge 2 vers 1 tot 4
- Toewyding. Die twee toewydingsgeleenthede is waargeneem deur dominee Gerrie Doyer, ʼn senior predikant en voormalige moderator van die Oostelike Sinode. In aansluiting by die sitting se tema, naamlik “Van oorlewing tot impak,” is op die volgende gefokus:

  Maandag 20 Oktober 2014

  Skriflesing. Sagaria 3 vers 1 tot 10.

  ʼn Predikant se roeping, toewyding en bediening.

  Dinsdag .

  Skriflesing. Johannes 20 vers 19 tot 23.

  Gemeentes se roeping om ʼn verskil te maak.

Die twee predikante wat die Nagmaalsdiens en die toewydingsgeleenthede waargeneem het, is albei gerespekteerde en senior predikante van die Oostelike Sinode. Die wyse waarop hulle hierdie take verrig het, het bygedra tot ʼn diep geestelike belewenis deur die sinodegangers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Sondag 19 Oktober 2014**

Op die eerste sittingsdag van die Sinode vind drie belangrike gebeurtenisse plaas wat betrekking het op die besluit oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde:

- Die Nagmaalsdiens.

  Die prediking en bediening van die sakrament is deur die huidige Voorsitter van die Sinodale Diensraad, dominee Dirkie van der Spuy, waargeneem.

- Groeteboodskap.

  Professor Nelus Niemandt, Voorsitter van die Moderamen van die Algemene Sinode het namens die Algemene Sinode ʼn groeteboodskap aan die Sinode oorgedra. In sy groeteboodskap het hy verwys na die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde en die Belydenis van Belhar.

- Verhelderingsgesprek.

  Afgevaardigdes is die geleentheid gebied om na die afloop van die sitting deel te neem aan ʼn verhelderingsgesprek.

  Professor Nelus Niemandt, Voorsitter van die Moderamen van die Algemene Sinode en professor Johan van der Merwe, aktuarius van Oostelike Sinode, was beskikbaar vir vrae in verband met die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

**Maandag 20 Oktober 2014**

Volgens die Agenda was die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deel van die bespreking van die sake van die Algemene Sinode en is geskeduleer vir Maandagmiddag 16:15. Belangrike gebeurtenisse tydens die tweede sittingsdag van die Sinode:

- Toewyding. ʼn Diep geestelike gesprek gelei deur dominee Gerrie Doyer.
- Tydens die tweede oggendsitting het die Voorsitter aangekondig dat die vergadering tydens die sessie vanaf 16:15 getoets gaan word of hulle gereed is om te stem.
- Die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is ter tafel geneem tydens die tweede middagsitting.

  Die Voorsitter, dominee Dirkie van der Spuy het ʼn oorsig gegee oor die wyse waarop die Sinodale Diensraad die besluite van die Algemene Sinode hanteer het.

  Die Sinodale Diensraad het voorgestel dat geen gesprekke vir of teen die voorstel tydens die stemming toegelaat word nie.

  Sommige afgevaardigdes was van mening dat die verwysings wat professor Niemandt met sy groeteboodskap oor die moontlike wysiging van Artikel 1 en die Belydenis van Belhar gemaak het, reeds ʼn bespreking van die inhoud was en dat verdere bespreking in die vergadering toegelaat moes word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie gevoel is verwoord in ʼn voorstel wat voor die vergadering gedien het:

Voorstel 1

*Een: Die Sinode skep geleentheid vir die bespreking van die meriete en proses van die voorgestelde Artikel 1 voordat daar tot stemming oorgegaan word.*

*Twee: Indien dit nie tydens hierdie sitting moontlik is nie, moet ʼn spesiale sitting gereël word.*

Die voorstel dien voor die vergadering en punt een word met 143 stemme teen 88 aanvaar.

Die Sinode sal dus geleentheid skep vir die bespreking van die meriete en proses van die voorgestelde Artikel 1 voordat daar tot stemming oorgegaan word

Punt Twee van die voorstel word verwys na die Ontwerpspan.

Die Ontwerpspan moet bepaal of ‘n spesiale sitting gereël moet word indien die bespreking nie tydens hierdie sitting moontlik is nie.

Die Ontwerpspan se voorstel word tydens die aandsitting aan die orde gestel. Die Voorsitter hanteer dit as Voorstel 2 wat handel oor die wenslikheid van ʼn spesiale Sinodesitting om die wysiging van Artikel 1 te bespreek.

Voorstel 2:

*Een: Die Sinode besluit om ʼn buitengewone sinodesitting te reël vir bespreking van die meriete en proses van die voorgestelde Artikel 1, sowel as die stemming oor Artikel 1 self.*

Punt Een word nie goedgekeur nie.

Daar was 122 stemme daarteen en 86 daarvoor.

In die lig van hierdie besluit, verval punt Twee, Drie en Vier.

*Twee: Die Sinodale Diensraad bepaal die datum en program van die dag. Verval.*

*Drie: Gemeentes wat nie die koste kan betaal nie, kan by die Sinodale Diensraad ondersteuning versoek. Verval.*

*Vier: Tydens hierdie sinodesitting word ʼn geleentheid gereël waar die tafels aandui watter inligting nodig is. Verval.*

Die Voorsitter het hierna aangekondig dat die proses om die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde op Dinsdag 21 Oktober 2014 om 10:00 sal plaasvind.

**Dinsdag 21 Oktober 2014**

Na die aanvaarding van Voorstel 1 is die stemming oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 uitgestel na Dinsdag, 21 Oktober 2014.

Belangrike gebeurtenisse gedurende die derde sittingsdag:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Toewyding. Dominee Gerrie Doyer neem die toewyding waar. Die sinodegangers was diep onder die indruk van die erns van die sake wat die dag hanteer sou word.
- Die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde word bespreek tydens die tweede oggendsessie.

Daar was geleentheid vir bespreking voor die stemproses begin het.

**Stemproses en uitslag**

Daar is gereël dat slegs die stemgeregtigdes aan die tafels sit.

Die Voorsitter, dominee Dirkie van der Spuy het die Sinode kortliks ingelig oor wat met geloofsonderskeiding verstaan word. Vervolgens het hy versoek dat almal stil word. Die sinodegangers het geleentheid gekry om in gebed die Here se leiding te vra. Hierna het die Voorsitter self ŉ gebed gedoen.

Daarna het die vergadering gestem oor die vraag:

"*Verleen u as afgevaardigde u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?"*

Nadat die stemme getel is, is die Aktuarius professor Johan van der Merwe aan die woord gestel om die uitslag van die stemming bekend te maak. Die uitslae van sowel die gemeentes as die sinode se stemprosesse is bekendgemaak.

Uitslag van die stemming in die **gemeentes** in die Oostelike Sinode.

Tot met die datum van die sinodesitting is 64 van die 85 gemeentes se uitslae ontvang.

Stemme ten gunste van die wysiging van Artikel 1 was 27.

Stemme teen die wysiging van Artikel 1 was 37.

Daar was ŉ meerderheid van 57,81% gemeentes wat teen die voorgestelde wysiging van Artikel 1 gestem het.

Uitslag van die stemming van die **Sinode.**

Stemme ten gunste van die wysiging van Artikel 1 was 169.

Stemme teen die wysiging van Artikel 1 was 62.

Daar was ŉ meerderheid van 73,16% van die stemme ten gunste van die voorgestelde wysiging van Artikel 1.

Die Oostelike Sinode het met ŉ tweederdemeerderheid ten gunste van die voorgestelde wysiging van Artikel 1 gestem.

Besluit:

"*Die Sinode besluit om die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde goed te keur*."

Dominee Gerrie Doyer het die stemproses met ŉ gebed afgesluit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

#### 3.4.3.3 Samevatting

Die Oostelike Sinode verwys na homself as ’n gesonde familie. Hierdie metafoor, soos beskryf in sy waardes, het oor jare ’n groot invloed op die onderlinge verhoudinge tussen predikante van die Sinode gehad. Dit het ook oorgespoel na die werkswyse van die Sinode. Verder is dit vir die Sinode belangrik om ruimte te maak vir God se ryke verskeidenheid van mense en gemeentes.

Hierdie waardes was bepalend vir die wyse waarop die Sinode die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde by sy vergadering in Oktober 2014 hanteer het.

Alhoewel die Sinodale Diensraad voorgestel het dat daar nie verdere gesprek oor Artikel 1 toegelaat sal word voordat oorgegaan is tot stemming nie, is daar op versoek van die afgevaardigdes ruimte gemaak vir verdere gesprek. Die Sinode se agenda is gewysig om spesiaal tyd hiervoor in te ruim.

Die sinodegangers is na elke toewydingsgeleentheid diep onder die indruk gelaat van God se teenwoordigheid en dat dit wat tydens die vergadering gebeur, verantwoordbaar aan Hom en ons naaste moes wees.

Die kerkleiding het die noodsaak van geloofsonderskeiding deur die hele proses beklemtoon. In alle korrespondensie en tydens die verhelderende gesprekke is dit telkens benadruk dat die proses met geloofsonderskeiding hanteer moes word.

Tydens die vergadering van die Sinode en pas voor die stemproses begin het, het die voorsitter, dominee Dirkie van der Spuy, die vergadering gelei in ’n proses van geloofsonderskeiding. Daar was geleentheid gegee vir stilte. Daarna is die sinodegangers gevra om saam met die afgevaardigdes wat saam met hulle rondom die tafel gesit het, te bid vir die leiding van die Here. Die voorsitter het daarna self die vergadering in gebed gelei. Eers daarna het die stemproses plaasgevind.

In die lig van hierdie gegewens is dit duidelik dat geloofsonderskeiding deel was van die besluitnemingsfase van die Sinode.

## 3.5 Konklusie

Hierdie navorsingsverslag stel ondersoek in oor die verstaan van geloofsonderskeiding deur predikante en kerkrade van die Oostelike Sinode en hoe dit beoefen is tydens kerkvergaderings rondom die besluit oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

In hierdie hoofstuk het die navorser gepoog om met die data wat ingesamel is met vraelyste, te bepaal hoe predikante van die Oostelike Sinode geloofsonderskeiding verstaan. Fokusgroeponderhoude is by twee gemeentes gehou om die praktiese toepassing van geloofsonderskeiding tydens kerkraadsvergaderings te bepaal.

Daarmee saam is ondersoek ingestel na die vergadering van die Oostelike Sinode van 19 tot 21 Oktober 2014. Die doel was om te bepaal hoe geloofsonderskeiding deur die loop van daardie vergadering en veral tydens die stemproses oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde plaasgevind het.

Uit hierdie drie ondersoeke het die volgende na vore gekom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel predikante van die Oostelike Sinode ŉ goeie begrip van geloofsonderskeiding het, is dit nie prakties toegepas toe kerkrade oor die wysiging van Artikel 1 besluit het nie.

Daarteenoor is dit duidelik dat geloofsonderskeiding ŉ groot rol gespeel het in die besluitnemingsproses tydens die vergadering van die Oostelike Sinode van 19 tot 21 Oktober 2014.

In die volgende hoofstuk word gekyk na die aanloop en agtergrond wat aanleiding gegee tot die Algemene Sinode se voorgestel dat gemeentes en sinodes ŉ besluit moes neem oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 4: AANLOOP EN AGTERGROND TOT DIE WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

## 4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is ondersoek ingestel na die verstaan van geloofsonderskeiding by predikante en kerkrade van die Oostelike Sinode. Dit is gedoen aan die hand van die bespreking van ŉ vraelys wat deur 38 predikante ingevul is. Vervolgens is die praktiese toepassing van die praktyk van geloofsonderskeiding in kerkraadsvergaderings getoets deur fokusgroeponderhoude met kerkraadslede van twee gemeentes. Hierdie data is vergelyk met die besluitnemingsproses van die vergadering van die Oostelike Sinode tydens sy sitting in Oktober 2014.

Volgens Osmer (2008:4) is die tweede taak van die praktiese teologie die interpretatiewe taak. Die vraag wat hier ter sprake kom is, “Hoekom gebeur dit?”

In ŉ poging om hierdie vraag te beantwoord gaan die navorser eerstens kyk na die agtergrond en aanloop tot die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Daarna volg ŉ bespreking van die proses wat deur die Algemene Sinode aan gemeentes voorgestel is oor die hantering van die wysiging van Artikel 1.

Na jare se debat het die Algemene Sinode van die NG Kerk by sy vergadering van 2011 besluit om die Belydenis van Belhar deel te maak van die belydenisgrondslag van die NG Kerk. Die kerkregtelike proses wat voorgestel is om hieraan beslag te gee was om Artikel 1 van die kerkorde te wysig. Met die wysiging van Artikel 1 sou daar ruimte gemaak word vir die uitbreiding van die belydenisskrifte van die kerk en daarmee saam die aanvaarding van die Belydenis van Belhar.

Dit val nie in die skopus van hierdie werkstuk om die Belydenis van Belhar in diepte te bespreek nie. Die ondersoek na geloofsonderskeiding is onderneem na aanleiding van die uitslag van besluitneming oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die kerkorde. Die Belydenis van Belhar maak deel uit van die groter konteks waarbinne die proses van die wysiging van Artikel 1 plaasvind. Dit is dus nodig om oorsigtelik kennis te neem van die geskiedenis en inhoud van die Belydenis van Belhar.

## 4.2 Die Belydenis van Belhar

### 4.2.1. Ontstaan van die Belydenis van Belhar

Onderskeid op grond van ras in die NG Kerk dateer so ver terug as 1829. Op 29 April 1829 hanteer die ring van Kaapstad ŉ navraag van die gemeente van Somerset-Wes oor die bediening van die Nagmaal aan wat hulle noem “persone van kleur”. Die vraag wat oorweeg moes word was of “persone van kleur” wat gedoop is en belydenis van geloof afgelê het, toegelaat mag word om saam met “wedergebore Christene” (wit mense) Nagmaal te gebruik en of die Nagmaal apart aan hulle bedien moet word.

Die 1857 Sinode van die NG Kerk het besluit dat lidmate uit die heidendom (nie-blankes) sover moontlik in die gemeentes opgeneem moet word. Daar is egter ruimte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemaak dat as gevolg van "de zwakheid van sommige" lidmate uit die heidendom (nie-blankes) afsonderlik bedien kan word.

Hierdie besluit het uitgeloop op die stigting van kerke vir afsonderlike rassegroepe. In 1881 kom die NG Sendingkerk (NGSK) vir kleurlinge tot stand. Kort hierna volg die stigting van 'n kerk vir swart mense, bekend as die NG Kerk in Afrika (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA) vir Indiërs.

Die kerkstrukture van die NG-familie het dus volgens die beginsel van rasseskeiding ontwikkel. Die NGSK het hierdie ontwikkeling asook die apartheidsbeleid wat deur die NG Kerk gelegitimeer is, as 'n sondige verdeeldheid ervaar.

Doktor Allan Boesak van die NGSK het die verdeeldheid tussen die NG Kerk en die dogterkerke (NGSK, NGKA en RCA) en die NG Kerk se standpunt oor Apartheid by die Algemene Vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, wat in 1982 in Ottowa Kanada gehou is, aan die orde gestel.

Dié vergadering het verklaar dat die situasie van apartheid 'n *status confessionis* laat ontstaan het. 'n "*Status confessionis*" verwys na 'n situasie wat sodanig ontwikkel het dat die kerk nie meer daaroor kan stilbly nie.[18]

Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke maak die volgende uitspraak:

"*We declare with the black Reformed Christians of South Africa that apartheid (separate development) is a sin, and that the moral and theological justification of it is a travesty of the Gospel and, in its persistent disobedience to the Word of God, a theological heresy.*"

Die Sinode van die NGSK volg die voorbeeld van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke by sy vergadering later in 1982. Die NGSK verklaar ook 'n *status confessionis* en kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n belydenis opgestel moet word om aan hierdie oortuiging uitdrukking te verleen. 'n Konsep belydenis word tydens dieselfde vergadering aanvaar. Die Sinode gee verder opdrag dat die belydenis in die daaropvolgende jare deur kerkrade bespreek moet word en by sy volgende vergadering in 1986 word dit as 'n belydenisskrif van die NGSK aanvaar. Hierdie belydenis staan bekend as die Belydenis van Belhar.

Die belydenis is ook deur die NGKA aanvaar. Op 14 April 1994 verenig die NGSK en die NGKA en staan bekend as die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK). Die Belydenis van Belhar is aanvaar as deel van die VGK se belydenisgrondslag.

### 4.2.2 Die inhoud van die Belydenis van Belhar

Struktuur van die Belydenis van Belhar.

In die *voorwoord* word geloof bely in die Drie-Enige God wat die kerk deur sy Woord en Gees versamel en versorg.

- In die *eerste* artikel word geloof bely in die *eenheid* van die kerk, en word leringe wat daarmee in stryd is verwerp.
- In die *tweede* artikel word geloof bely in die *versoening* in Christus, en word leringe wat daarmee in stryd is verwerp.

[18] Communitas. Die Gereformeerde Belydenisskrifte.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- In die *derde* artikel word geloof bely in die *geregtigheid* van God, en word leringe wat daarmee in stryd is verwerp.

In die *slot* word bely dat die Kerk gehoorsaamheid hieroor verskuldig is aan Jesus Christus, die Here, al sou teenstand ook ondervind word (Smit,1990:8).

### 4.2.3 Betekenis van die Belydenis van Belhar

Die navorser erken dat die betekenis van die Belydenis van Belhar nie in ʼn paar sinne opgesom kan word nie. Vir die doel van die navorsingsprojek blyk die volgende van belang te wees.

Uit die Belydenis en die begeleidende brief is dit duidelik dat daar drie hooftemas in die belydenis aangespreek word, naamlik die eenheid van die kerk, die versoening in Christus en die geregtigheid van God. Dit impliseer onder andere dat ras en afkoms nie lidmaatskap tot die Christelike kerk kan bepaal nie. In die lig hiervan is ʼn indringende gesprek met die NG Kerk oor kerkhereniging onafwendbaar.

Professor Jaap Durand, dogmatikus van die Universiteit van Wes-Kaapland en mede-opsteller van Belhar, spreek hom soos volg uit oor die wyer betekenis van die Belydenis van Belhar:

"*Ek is daarvan oortuig dat die tradisionele Gereformeerde belydenisse uit die sestiende en sewentiende eeue, nieteenstaande hulle waarde en betekenis vir die kerk, onvoldoende is om die volheid van die gereformeerde geloof uit te druk. Die drie hooftemas van die Belydenis van Belhar - die eenheid van die kerk, die versoening tussen mense en die geregtigheid van God teenoor die armes en die behoeftiges - word nie in hulle aangespreek nie. Baie min word oor die eenheid van die kerk gesê. Versoening tussen mense onderling en geregtigheid vir die armes is totaal afwesig. Die Belydenis van Belhar is nie slegs vir Suid-Afrika bedoel nie* " (Smit,1990:25).

Die Belydenis van Belhar is dus nie net van belang vir die verhoudinge tussen kerke in Suidelike Afrika nie, maar het ook ʼn belangrike boodskap vir die Christelike kerk in die wêreld.

## 4.3 Die reaksie van die van die NG Kerk op die Belydenis van Belhar

### 4.3.1 Aanloop

Die NG Kerk het aanvanklik nie amptelik gereageer op die konsep belydenis van 1982 nie. Later het verskillende amptelike kommissies van die NG Kerk wel studiestukke oor die Belydenis van Belhar opgestel en aanvaar.

In 1990 het die Algemene Sinode van die NG Kerk besef dat die Belydenis van Belhar nie in stryd is met die Skrif en gereformeerde belydenisskrifte nie. Die Sinode verklaar verder dat die belydenis geen struikelblok in die verhouding tussen die kerke hoef te wees nie.

Dis egter eers die Algemene Sinode van 2011 wat besluit het om die Belydenis van Belhar op ʼn kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak. Die Algemene Sinode het dit aan die Moderamen opgedra om die nodige

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kerkregtelike prosesse hiervoor in werking te stel. By die Algemene Sinode van 2013 is besluit om dit te implementeer deur Artikel 1 van die Kerkorde te wysig.

Die Oostelike Sinode het hierdie besluit soos volg hanteer.

### 4.3.2 Die Oostelike Sinode en die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde

Die Oostelike Sinode het tydens die sinodesitting van 18 tot 20 Maart 2012 besluit om by die proses van die Algemene Sinode in te skakel.

Die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode het ŉ gesprek tussen verteenwoordigers van die vier Transvaalse Sinodes vir 22 November 2012 gereël. Die uitkoms van hierdie gesprek is aan die begin van 2013 aan die Moderamen van die Algemene Sinode deurgegee.

ŉ Projekspan is op 16 Januarie 2013 deur die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode saamgestel om die verskillende aksies te koördineer en die proses van die Sinode te beplan. Die doel van hierdie projekspan was verder om ringe van voldoende inligting en hulpmiddels te voorsien. Hulle moes ook gemeentes inlig, begelei en ondersteun met die besluitnemingsproses oor Artikel 1.

In die lig hiervan is:

- ŉ Byeenkoms op 16 April 2013 by Middelburg-Suid gemeente gereël, waar gesprek gevoer is oor predikante en lidmate se belewenis van Belhar. Een en sewentig predikante en 41 ouderlinge uit 59 gemeentes was teenwoordig.
- Twee Voetsool Sinodesittings met Belhar as tema is gehou. Die byeenkomste het onderskeidelik op 7 September 2013 by Machadodorp en 14 September 2013 by Skuilkransgemeente in Pretoria plaasgevind. Dit is bygewoon deur 173 verteenwoordigers van 61 gemeentes.

Die Algemene Sinode het by sy vergadering in Oktober 2013 ŉ voorstel vir die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde aanvaar. Hierdie voorstel moet ooreenkomstig Artikel 44 van die Kerkorde aan gemeentes en sinodes voorgelê word vir aanvaarding, voordat die Algemene Sinode Artikel 1 kan wysig. Die Algemene Sinode het ook besluit dat die Moderamen die kerkverband moes lei in die besluitnemingsproses oor die wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie streeksinodes ŉ roetekaart en tydraamwerk vir die verloop van die proses te bepaal.

Die besluite van die Algemene Sinodes van 2011 en 2013 moet verstaan word teen die agtergrond van die besluit van die Algemene Sinode van 1998. Dit lui: ”Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie” en verder besluit die Sinode hy “aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar.”

Die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode het op 6 November 2013 ringsdiensrade ingelig oor die implikasies van die voorstel van die Algemene Sinode. In November 2013 vergader die Sinodale Diensraad en versoek die Moderamen van die Algemene Sinode om die proses so te reël dat gemeentes hulle teen 30 Junie 2014 oor die voorstel kan uitspreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Moderamen het die proses op 6 Junie 2014 aangekondig. Die Sinodale Diensraad was gereed om die proses binne die sinodale gebied te begin. Hulle het besluit dat gemeentes eerste die geleentheid kry om hulle oor die voorstel uit te spreek. Eers nadat die gemeenteproses afgehandel is, sou die Sinode sy besluit neem.

Die projekspan het al die dokumente verkry en saamgestel. Hulle het ook beplan hoe al die verskillende geleenthede tussen Julie 2014 en September 2014 kon plaasvind.

Die Sinodale Diensraad het tydens twee geleenthede inligting aan die ringsdiensrade gegee hoe om die ringe toe te rus om die proses te bestuur. Hierdie geleenthede het plaasgevind op 11 Junie 2014 by Rietkuil en op 12 Junie by Lux Mundi in Pretoria.

Tydens die byeenkomste is die proses verduidelik en alle moontlike hulpmiddels is voorsien. Dit sluit in ʼn tydskedule, aankondigings, stembriewe en selfs ʼn liturgie vir ʼn erediens.

Hierna het die lede van die projekspan persoonlik die inligting tydens ringsgeleenthede aan gemeentepredikante oorgedra.

### 4.3.3 Die gemeentes van die Oostelike Sinode

4.3.3.1 Inleiding

Die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde was ʼn tweeledige proses.

Eerstens het dit die Sinodes geraak. Artikel 44 van die Kerkorde bepaal dat al tien Sinodes van die NG Kerk elk met ʼn tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging moes besluit. (Die Oostelike Sinode se voorgestelde proses is hierbo bespreek.)

Tweedens het dit gemeentes geraak. Artikel 44 van die Kerkorde bepaal ook dat twee derdes van al die kerkrade van die NG Kerk elk met ʼn tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging moet stem. Dit beteken dat 760 van die 1138 gemeentes van die NG Kerk met ʼn tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging van Artikel 1 moes besluit.

4.3.3.2 Die verloop van die gemeenteproses

Die Sinodale Diensraad het ʼn projekspan benoem wat die proses in die Oostelike Sinode beplan en gekoördineer het. Die ideaal van die projekspan was dat gemeentes ʼn gekoördineerde proses sou volg sodat besluitneming op gemeentevlak binne ʼn beplande tydskedule afgehandel kon word.

Die proses wat by gemeentes gevolg is, is gedoen aan die hand van Reglement 24 van die Kerkorde.

**Reglement 24**

Reglement 24 bepaal die prosedure wat gemeentes volg by die voorgestelde wysiging van belydenis.

1. Die kerkraad lê sy aanbeveling oor die voorstel van die Algemene Sinode oor die wysiging van belydenis éérs aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lidmate verkry is, finaliseer die kerkraad sy besluit met ŉ tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.

2. Die kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 1 hierbo genoem, op een van die volgende wyses te verkry:

   2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens ŉ gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier (4) agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring of die ring se gevolmagtigde aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van hierdie vergadering.

   2.1.1 Lidmate wat ŉ wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.

   2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens veertien (14) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.

   2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente vóór of óp die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring of die ring se verteenwoordigers aangewys.

3. Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.

4. Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.

4.3.3.3 Tydskedule

Die Sinode het die volgende tydskedule aan gemeentes voorgestel

| | *Gemeentevergadering* | | *Besorg stembriewe persoonlik* |
|---|---|---|---|
| *Datum* | *Gebeurtenis* | *Week* | *Gebeurtenis* |
| 20 Julie | Kondig kerkraadsvergadering aan | 1 | Kondig kerkraadsvergadering aan |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

| | | | |
|---|---|---|---|
| 27 Julie | Kondig kerkraadsvergadering aan | 2 | Kondig kerkraadsvergadering aan |
| 28 Julie – 1 Augustus | Kerkraad vergader om 'n besluit te neem | | Kerkraad vergader om 'n besluit te neem |
| 3 Augustus | Kondig gemeentevergadering aan | 3 | Besorg stembriewe persoonlik |
| 10 Augustus | Kondig gemeentevergadering aan | 4 | Besorg stembriewe persoonlik |
| 17 Augustus | Kondig gemeentevergadering aan | 5 | Handig stembriewe in |
| 24 Augustus | Kondig gemeentevergadering aan<br>Kondig ook kerkraads-vergadering aan | 6 | Handig stembriewe in<br>Kondig ook kerkraads-vergadering aan |
| 31 Augustus | Gemeentevergadering<br>Kondig ook kerkraads-vergadering aan | 7 | Kondig kerkraads-vergadering aan |
| 1 tot 5 September | Kerkraad vergader weer om besluit te neem | | Kerkraad vergader weer om besluit te neem |
| 7 September | Kondig besluit aan Geleentheid vir approbasie | 8 | Kondig besluit aan Geleentheid vir approbasie |
| 14 September | Kondig besluit aan Geleentheid vir approbasie | 9 | Kondig besluit aan Geleentheid vir approbasie |

Nadat die stemproses voltooi is, moet twee verteenwoordigers van die ring die uitslag van die stemming bevestig. Die dokument met die uitslag van die gemeentestemming moet dan deur die verteenwoordigers van die ring onderteken en aan die Sinode versend word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.3.4 Die projekspan het selfs ŉ moontlike sakelys[19] vir die gemeentevergadering voorgestel

4.3.3.5 Die inhoud van die Artikel 1

Huidige Artikel 1:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde nuwe Artikel 1:

1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.

1.2 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in

1.2.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en

1.2.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

1.3 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so ŉ wyses dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as ŉ belydenisskrif onderskryf nie.

1.4 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat ŉ uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

## 4.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die historiese ontstaan, die inhoud en betekenis van die Belydenis van Belhar kortliks beskryf. Die drie hooftemas wat in die Belydenis aangespreek word, is: die eenheid van die kerk, die versoening in Christus en die geregtigheid van God.

Die aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur die NGSK en NGKA en die latere vereniging van hierdie kerke tot die VGK het die saak van kerkhereniging binne die NG Kerk familie op die spits gedryf.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 2013 ŉ proses geïnisieer om sy belydenisskrifte uit te brei in ŉ poging om die proses van kerkhereniging te versnel. Dit het gelei tot die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

ŉ Verduideliking van die wyse waarop hierdie proses in die gemeentes van die Oostelike Sinode plaasgevind het, het hierop gevolg.

[19] Bylaag C.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sodoende is die konteks geskets waarbinne gemeentes ŉ keuse moes uitoefen oor die wysiging van Artikel 1. Teen hierdie agtergrond het die ondersoek oor die verstaan en praktiese toepassing van geloofsonderskeiding onder predikante en kerkrade van die Oostelike sinode plaasgevind.

## 4.5 Konklusie

Die navorser is bewus daarvan daar baie veranderlikes is wat die uitkoms van die proses kon beïnvloed. Hierdie werkstuk poog egter om te bepaal wat die rol van geloofsonderskeiding was.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1990 tot die besef gekom dat daar geen Skriftelike beswaar teen die Belydenis van Belhar is nie. Hierdie besef het daarop uitgeloop dat die Sinode in 2011 besluit het om die Belydenis van Belhar deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak.

Die notule van die Algemene Sinode van 2011 meld dat die Sinode elke dag met ŉ geloofsonderskeidende gesprek begin het. Die Sinode se besluit oor die Belydenis van Belhar is voorafgegaan deur ŉ geloofsonderskeidende gesprek wat deur doktor Chris van Wyk ingelei is. Daar is geleentheid gegee vir gebed, omgang met die Woord en tafelgesprekke.[20]

Dit is duidelik aangetoon in hierdie navorsingsverslag dat die Voorsitter van die Oostelike Sinode tyd ingeruim het vir geloofsonderskeiding voordat die Sinode by sy vergadering in 2014 tot stemming oorgegaan het oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Daar was ŉ diep geestelike atmosfeer deur die loop van die hele sinodesitting. Die Oostelike Sinode het die wysiging aanvaar met ŉ meerderheid van 73%.

Opmerklik dat by beide die Algemene Sinode sowel as die Oostelike Sinode, geloofsonderskeiding vooropgestaan het. Beide hierdie Sinodes het die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde aanvaar en so die pad gebaan vir die opneem van die Belydenis van Belhar as deel van die belydenisgrondslag.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat wanneer gelowiges hulle voor God verootmoedig en geloofsonderskeidend met die Skrif omgaan, hulle persepsies kan verander en vooroordele soos rassisme verdwyn.

Uit die data van die vraelys aan predikante van die Oostelike Sinode het geblyk dat hulle ŉ goeie begrip van geloofsonderskeiding het. Die ervaring van die Oostelike Sinode se werkswyse, toewydingsgeleenthede en die stemproses tydens die sinodesitting het heel waarskynlik hiertoe bygedra.

Tog het die uitslag van gemeentes in die Oostelike Sinode verskil van die van die Sinode. Agt en vyftig persent van die gemeentes het teen die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde gestem.

Uit die bespreking van die proses wat die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode aan die gemeentes voorgeskryf het, het geblyk dat die proses grootliks struktureel gedryf is en dat groot klem geplaas is op die feit dat die proses

[20] Algemene Sinode van die NG Kerk 2011.Handelinge:100.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gekoördineerd en kerkregtelik korrek sou geskied. Daar was ook druk geplaas op gemeentes om die proses binne ʼn bepaalde tydskedule af te handel.

Daar was dus min ruimte gelaat vir gemeentes om die proses rustig en op ʼn spirituele wyse te hanteer waar geloofsonderskeiding deurslaggewend sou wees. Dit het die moontlikheid gelaat dat sekulêre motiewe ʼn groot rol in die besluitnemingsprosesse van kerkrade en gemeentes gespeel het.

In Hoofstuk 5 gaan die navorser aan die hand van ʼn literêre studie ondersoek instel oor wat met "Geloofsonderskeiding" verstaan word. Daar sal vervolgens verwys word na ʼn model van geloofsonderskeiding wat prakties tydens kerkvergaderings toegepas kan word soos beskryf word deur Marais (2011:47-115).

In die lig hiervan sal die verstaan en toepassing van geloofsonderdskeiding onder predikante en kerkrade van die Oostelike Sinode beoordeel word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 5: BETEKENIS EN PRAKTYK VAN GELOOFSONDERSKEIDING

## 5.1 Inleiding

In die voorafgaande deel van die navorsingswerkstuk is die verstaan van geloofsonderskeiding deur predikante en kerkrade van die Oostelike Sinode en die toepassing daarvan by kerkvergaderings ondersoek. Die verskil in uitslag tussen kerkraadsvergaderings en die Sinode oor die besluit oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde het daartoe gelei dat verdere ondersoek ingestel is oor die hantering van geloofsonderskeiding tydens die Sinode se vergadering van Oktober 2014. Dit is by hierdie vergadering dat die Sinode hom uitgespreek het oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

In die vorige hoofstuk is genoem dat die verskil tussen die uitkoms van die besluit van die Oostelike Sinode en die uitkoms van die meerderheid kerkrade van die gemeentes in die sinodale streek oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde geleë is in die feit dat die proses wat deur die Sinode aan gemeentes voorgeskryf is te min ruimte gelaat het vir kerkrade om geloofsonderskeiding toe te pas.

Wat nou volg is ʼn beskrywing van wat in die literatuur met geloofsonderskeiding verstaan word. Dit sluit aan by Osmer (2008:4) se derde taak van die praktiese teologie, naamlik die beskrywing van die normatiewe. Die vraag “Wat behoort te gebeur?” word beantwoord.

Dit word opgevolg met ʼn beoordeling van ʼn model vir geloofsonderskeiding by kerkvergaderings soos voorgestel deur Marais (2011:48).

## 5.2 Geloofsonderskeiding in die Skrif

In die Ou Testament kom die woord “onderskei” slegs een maal voor en wel waar Koning Salomo in 1 Konings 3:9 vir wysheid bid. “Gee dus aan u kneg ʼn opmerksame hart om reg te spreek oor u volk, om tussen goed en kwaad te onderskei, *lə·hā·ḇîn* want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?” (Bybel, 1933).

Alhoewel daar in die res van die Ou Testament dikwels verwys word na mense soos die profete, aan wie God sy wil geopenbaar het, word die woord “onderskei” nie daarvoor gebruik nie. “Many verses equate discernment with deciding and understanding” (Olsen, 1997:22).

Louw en Nida (1988:359-366) noem dat daar ʼn paar Griekse woorde in die Nuwe Testament voorkom wat die begrip onderskeiding omskryf.

*krino*, “to come to a conclusion in the process of thinking and thus to be in a position to make a decision.” 1 Korintiërs 4:5 “Daarom moet julle nie te vroeg, voordat die Here kom, ʼn oordeel uitspreek *krinete* nie.”

*diakrino,*” to make a judgement on the basis of careful judgements about something.” 1 Korintiërs 12:10 “aan nog ʼn ander om die gawe om tussen die geeste te onderskei *diakriseis*.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*phroneo*, “to hold a view or have an opinion with regard to something.” Galasiërs 5:10 “Ons band met die Here gee my die vertroue dat julle net so sal dink *phronesete* soos ek.”

*dokimazo*, “to regard something as genuine of worthy on the basis of testing.” Romeine 12:2 “Dan sal julle kan onderskei *dokimazein* wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik is.”

Die Latynse woord *discernere* waar die Engelse woord *discern* sy oorsprong het, beteken om te skei, van mekaar weghou of te onderskei.

Vir die meeste gelowiges is geloofsonderskeiding iets persoonliks wat jy op jou eie beoefen. Vir hierdie studie is dit belangrik om daarop te let dat daar by verskeie geleenthede in die Nuwe Testament vertel word hoe die leierskap van die kerk saam met die gemeente in groepsverband na die wil van God gevra het. Hier word kortliks na twee gebeurtenisse verwys.

Eerstens. In Handelinge 13:2-3 word genoem dat die gemeente in Antiogië bymekaar was om die Here te dien en te vas toe hulle die stem van die Heilige Gees hoor om vir Barnabas en Paulus op die eerste sendingreis te stuur.

Tweedens. By die vergadering in Handelinge 15:1-35 waar Paulus en Barnabas hulle standpunt oor die besnydenis moes verdedig, neem die hele gemeente gesamentlik ŉ besluit. “Daarna het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om mense uit hulle geledere saam met Paulus en Barnabas na Antiogië toe te stuur.” Dit vind plaas nadat almal na die insette van die gemeente, die apostels, die ouderlinge en die sendelinge geluister het. En dan verklaar hulle in hulle antwoord aan die gelowiges uit die heidendom: “Die Heilige Gees en ons het besluit.”

Belangrike besluite oor die toekoms van die kerk is geneem waar die leierskap en die gemeente saam in die teenwoordigheid van God vergader het om sy wil te onderskei.

Tereg merk Marais (2011:29) op “There is a dictum in the Church, namely that the truth does not belong to the individual but to the body of Christ. When we become quiet together, the scene of God’s new world becomes recognisable to us.”

## 5.3 Geloofsonderskeiding in die geskiedenis van die Christelike kerk

Die Christelike kerk het ŉ ryke geskiedenis van geloofsonderskeiding. Hahn (in Zscheile et al. 2012:147) verwys na vyf groot bewegings deur die loop van die geskiedenis van die kerk. Hy noem die Skriftradisie, die Kloostertradisie, die tradisie van Ignatius van Loyola, die Kwakertradisie en die huidige waardering van onderskeiding in die literatuur oor en praktyk van missionale kerke.

### 5.3.1 Skriftradisie

Dwarsdeur die Skrif word vertel hoe God Homself aan mense openbaar. Hy praat, onderrig en leer hulle op verskeie wyses. Profete, priesters en selfs gewone gelowiges getuig van God se inspraak in hul eie lewens en in die lewe van God se volk. Sien paragraaf 5.2 vir besonderhede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

### 5.3.2 Kloostertradisie

Tussen 200 en 500 nC kom monastiese geloofsgemeenskappe in die woestyngebiede van Egipte en Palestina tot stand. Hulle staan bekend as die Woestynvaders en moeders. Athanatius van Egipte is die mees invloedryke figuur van hierdie tyd. Gedurende die Woestyntydperk ontwikkel twee groepe. Die *anchorites* wat in eensaamheid woon en die *cenobites* wat in groepe woon. Vir hierdie gemeenskappe was die hoofdoel van hulle bestaan om die wil van God te onderskei en daarvolgens te leef. Gelowiges uit die gewone gemeenskap het dikwels na hulle gekom vir raad en praktiese wysheid.

Vanuit hierdie gemeenskappe ontstaan die Benediktynse Orde. Deel van hulle leefstyl was om saam as ŉ groep die praktyk van *Lectio Divina* te beoefen. Sodoende het hulle gesamentlik die wil van God vir hulle konteks onderskei.

Konstantyn die Grote se besluit om die Christelike geloof tot amptelike godsdiens te verklaar lei tot ŉ groei in die kloostergemeenskappe. " For those who desired to take seriously a religioius vocation, it was necessary to pursue a way of life within these cenobitic communities." (Hahn, in Zscheile et al. 2011:149)

Dit is bekend dat die praktyk van geloofsonderskeiding ŉ belangrike deel uitgemaak het van die alledaagse bestaan van hierdie gelowiges wat so in afsondering gewoon het.

### 5.3.3 Ignatius van Loyola

Ignatius van Loyola (1491-1556) is bekend as die individu wat die grootste invloed op geloofsonderskeiding in die Westerse kerk uitgeoefen het. Sy bydrae tot die beoefening van geloofsonderskeiding is van onskatbare waarde. "*Ignatius shifted discernment to a deeper prescriptive process of attending internally in order to form one's life through the life of Jesus Christ himself."* (Hahn, in Zscheile et al. 2011:150)

Sy *Spiritual Exercises* en die Examen gebed word vandag steeds wêreldwyd beoefen. Die *Spiritual Exercises* bestaan uit ŉ retraite van vier weke met ŉ bepaalde tema vir elke week. Deelnemers word deur ŉ retraite-meester begelei in gebed en bepeinsing.

### 5.3.4 Die Kwakertradisie

Onder leiding van George Fox breek ŉ groep mense in 1649 weg van die Anglikaanse Kerk en stig die Kwakers. In die ontwikkeling van geloofsonderskeiding lewer hulle ŉ belangrike bydra.

Hulle vergaderings word nie gelei aan die hand van die bekende *Robert's Rules of Order* nie. Vir hulle is dit belangriker om die wil van die Heilige Gees te gehoorsaam. Dit gebeur wanneer die gemeente aandagtig luister na die leiding van die Heilige Gees (Hahn, in Zscheile et al. 2011:151).

Hulle slaag ook daarin om geloofsonderskeiding prakties toe te pas en te integreer wanneer sosiale geregtigheid ter sprake kom. Juis daarom het hulle, hulle ernstig beywer vir die afskaffing van slawerny in Amerika en die Verenigde Koninkryk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

### 5.3.5 Gemeentelike geloofsonderskeiding

Binne die missionale beweging is daar in die resente tyd ŉ herontdekking van die waarde van geloofsonderskeiding.

Hahn haal vir Inagrace Dietterich aan waar sy opmerk "how congregations organize themselves as discerning communities should be reframed: they should be neither hierarchical nor egalitarian communities, but pneumocratic communities. The community's emphasis shifts from tending to a congregations's own interests or preoccupations to tending to the presence of the Holy Spirit's promptings in its midst." (Hahn, in Zscheile et al. 2011:151)

Niemandt skryf "Daarom is 'onderskeiding' so belangrik – dit is die eerste en mees beslissende stap op ŉ reis van missionale vernuwing. Dit is ŉ onmisbare stap op die pad van geloofsvernuwing vir alle Christene oor die hele wêreld heen en is een van die kernaspekte van missionale leierskap." (Niemandt, 2013:72)

Die missionale vrae wat deur Pat Kiefert geformuleer is, naamlik "Wat is God besig om te doen?" en "Wat wil God deur die gemeente doen?" kan alleen deur geloofsonderskeiding beantwoord word.

Dit is duidelik uit bogenoemde bespreking dat geloofsonderskeiding nie sonder ŉ verdieping in spiritualiteit kan plaasvind nie.

## 5.4 Missionale spiritualiteit

Hahn (in Zscheile et al. 2011:145) maak ŉ waardevolle opmerking oor missionale spiritualiteit wanneer hy skryf:" The triune God calls, gathers, forms, and sends local congregations in the power of the Holy Spirit to participate with God for the sake of the world."

Hierdie spiritualiteit begin by ŉ besef van die Drie-enige God se aanwesigheid in ons lewe. Die groot vraag is dus nie of jy glo God bestaan of nie, maar of jy die lewende God regtig ontmoet het (Burger, 2005:34).

Om in God se teenwoordigheid te lewe kan ook beskryf word as ŉ kontemplatiewe lewe. In missionale kerke is daar tans ŉ groter wordende waardering en belangstelling in die ou tradisies van geestelike dissiplines en kontemplatiewe geloofsgewoontes.[21]

McLaren (2010:39-45) tref ŉ vergelyking tussen die filosofieë van Plato en Aristoteles. Vir Plato was die werklikheid "nonmaterial, eternal and unchanging." Volgens sy dualistiese uitkyk op die wêreld word alles in twee gedeel. Die fisiese lewe teenoor die metafisiese, die heilige teenoor die profane, ons teenoor hulle, beskaaf teenoor onbeskaafd. Plato se dualisme het ŉ groot invloed op die Westerse denke gehad en het selfs in die Christelike teologie neerslag gevind.

Vir Aristoteles aan die ander kant is die werklikheid "a collection of material things, and as such it is inherently changeable." Sy denke is duidelik nie dualisties nie, want "the ultimate reality is Becoming." McLaren (2010:38) Aristoteles se invloed was nie so groot soos dié van sy leermeester Plato nie.

[21] Strydom, M. 2015. *Op Nuwe Paaie*. Ongepubliseerde notas. Makarios.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Richard Rohr beklemtoon die invloed wat dualistiese en nie-dualistiese denke op kontemplatiewe geloofsgewoontes het.

In sy daaglikse meditasie van 14 Julie 2015 verwys Richard Rohr na Hugh van St Victor (1078 – 1141) "he wrote that humanity was given three different sets of eyes, each building on the previous one. The first eye was the eye of flesh (the senses), the second was the eye of reason (meditation or intellectual reflection), and the third eye was the eye of true understanding (contemplation)."[22]

"The levels of spiritual development begin with dualistic, exclusionary, either/or thinking and become increasingly non-dual, allowing for a deeper, broader, wiser, more inclusive and loving way of seeing. Non-dualistic thinking presumes you have first mastered dualistic clarity, but also found it insufficient for the really big issues like love, suffering, death, sexuality, God, and any notion of infinity."[23]

The Trinity makes us patient before Mystery and humbles our dualistic minds. Even though the doctrine of the Trinity was at the very center of Christian faith, most of us did not allow it to change our consciousness. We did not let the principle of three undo our dualistic principle of two. We simply "believed" it to be the nature of God and then shelved it, as we did with most doctrines. Only the mystics tended to relate to God in a Trinitarian way, and often passionately so (such as Augustine, Bonaventure, Julian of Norwich, and the Cappadocian Fathers). I am certain that the future of Christian mysticism will be strongly Trinitarian."[24]

Verdiepte spiritualiteit by gemeenteleiers word deur Eugene Peterson (1994:57-59) beklemtoon wanneer hy ŉ onderskeid tref tussen die take waarmee leraars normaalweg in die week besig is en wat hulle primêre taak in die gemeente is. "The vocational reformation of our own time is a rediscovery or the pastoral work of the cure of souls. The cure of souls, is the Scripture-directed, prayer-shaped care that is devoted to persons singly or in groups, in settings sacred and provane. It is a determination to work at the center, to concentrate on the essential. I contrast the cure of souls with the task of running a church."

Samevattend dan ŉ verdere opmerking van Hahn (in Zscheile et al. 2011:147) "This has the possibility of reorienting the communicative process of discernment away from an impersonal, task oriented management of future activities, and toward an enlarged attention to the Spirit's present forming of congregational life as the very defining act of participatory engagement itself in God's world."

### 5.5 Die luistersiklus in vergaderings

Nadat die geskiedenis en betekenis van geloofsonderskeiding bespreek is, word na die praktiese toepassing daarvan in kerkvergaderings gekyk. Dit word gedoen aan die hand van die luistersiklus soos voorgestel deur Marais (2011:48).

---

[22] Rohr, R. 2015. *Richard Rohr's Daily Meditaion: Mystics and Non Dual Thinkers. Richard of St. Victor.* [Aanlyn] Beskikbaar:cac@cacradicalgrace.ccsend.com [2015,Julie 14].

[23] Ibid.

[24] Rohr, R. 2015. *Richard Rohr's Daily Meditaion: Mystics and Non Duality. A different consciousness.* [Aanlyn] Beskikbaar:cac@cacradicalgrace.ccsend.com [2015,Junie 28].

### 5.5.1 Vertrekpunte

Marais (2011:45-46) verwys na enkele belangrike vertrekpunte vir geloofsonderskeidende vergaderings. Hiermee som hy op wat Olsen en Morris (1997:36-43) meer breedvoerig beskryf:

- God wil geken word.
- God openbaar Homself as nederig en kwesbaar.
- Die Bybel bevat die volle raad van God.
- Die Heilige Gees lei mense op verskeie wyses.
- Die waarheid behoort aan die gemeenskap van gelowiges.
- Die Drie-enige God het nie sy skepping verlaat nie, maar as Vader, Seun en Heilige Gees is Hy getrou en herskeppende teenwoordig in die praktyk van ons daaglikse lewens.

### 5.5.2 Die drie hoof fases van die luistersiklus

Rus – hierdie fase stel ons in staat om tyd te maak vir God in ons besige lewens.

Luister - hierdie fase stel ons in staat om uit verskillende hoeke te luister wat God ons deur sy Woord leer.

Leef – hierdie fase help ons om God te antwoord deur die manier waarop ons lewe.




Figuur 3

Hierdie drie fases word voorgestel in die vorm van ’n sirkel wat daarop dui dat luister ’n voortgaande proses is wat nooit volledig afgehandel word nie (Marais, 2011:47).

### 5.5.3 Enkele opmerkings oor die praktiese toepassing van die luistersiklus

Aangesien die luistersiklus verskil van die gebruiklike vergaderingsprosedure waar alles streng volgens reëls geskied, is enkele verhelderende opmerkings ter sake (Marais, 2011:49-53).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die luistersiklus vervang nie ordereëls nie.

  Geloofsgewoontes soos leerbaarheid, openheid, deernis en vertroue vorm deel van die normale vergaderingsprosedure.

- Die invloed van die luistersiklus op debat tydens die vergadering.

  Debatte waar argumente gewen moet word, verander in dialoë waar deelnemers na mekaar luister. Veilige ruimtes word geskep waar mense van mekaar kan verskil sonder om verhoudings te benadeel en onderlinge vertroue te skaad.

- Tydsbestuur.

  Beskikbaarheid van tyd en die konteks van die gemeente bepaal hoe die luistersiklus toegepas word. Belangrik dat luister een van die gemeente se geloofsgewoontes word. Gemeenteleiers moet bepaal of hulle besig is met ŉ kerkagenda of met God se agenda.

### 5.5.4 Die volledige luistersiklus

Die drie hoof fases word verder opgedeel in agt stasies.




Figuur 5

Elkeen van die stasies word kortliks bespreek (Marais, 2011:47-115).

**Rus**

5.5.4.1 God nooi ons uit

Gemeenteleiers kom gewoonlik gejaagd by ŉ vergadering aan. Die gevaar is dat die druk vir tyd ŉ negatiewe invloed op die vergadering uitoefen. Die uitdaging is dat ŉ kerkvergadering iets sal weerspieël van ŉ tuiskoms in die teenwoordigheid van God.

In hierdie atmosfeer vertrou mense mekaar onvoorwaardelik en deel hulle hul lewens met mekaar. Stasie 1 kan soos volg opgesom word: "to be invited inside and to come

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

home to people who make time for one another and accept one another unconditionally" (Marais, 2011:58).

Tydens ŉ vergadering kan dit prakties beoefen word wanneer die vergadering in klein groepies verdeel en die volgende vraag bespreek. "Deel met mekaar dit wat in jou lewe gebeur het sedert die laaste byeenkoms wat vir jou hoop gegee het, of wat vir jou kommerwekkend was" (Marais, 2011:63).

5.5.4.2 Beweeg in God se tyd in

Voor die preek in die Grieks-Ortodoksekerk roep ŉ diaken: "*Kairos tou poiesai to Kyrio*", dit is die tyd (kairos) vir die Here om te werk. Die Griekse woord Kairos dui op die verwagting dat God iets gaan doen. Dit staan in kontras met die Westerse idee van tyd waar alles so gou moontlik afgehandel moet word en dat geen tyd gemors mag word nie, tyd is geld.

Stasie 2 help om uit die gejaagde tydsbegrip uit te kom en in God se tyd in te beweeg.

Praktiese gebruike om ŉ vergadering in God se tyd in te lei:

- Afsondering en gebed wanneer belangrike besluite geneem moet word.
- Gemeenteleiers gaan ten minste een keer per jaar op ŉ retraite.
- Vas en gebed.
- Nagmaalsviering.
- Gebed van die hart (centering prayer).
- Aansteek van ŉ kers, ŉ oop Bybel, ŉ leë stoel, ŉ bak met water, gesamentlike gebed is enkele rituele wat gebruik kan word om bewus te raak van God se tyd.

**Luister**

5.5.4.3 Luister na God se Woord

Daar is verskeie wyses waarop na God se Woord geluister kan word. Dit kan onder andere as bron van inligting gebruik word of om wysheid oor God te bekom. Die belangrike vraag is dus of die Bybel gelees word om die Bybel se inhoud te ken, informatiewe lees, of om God beter te leer ken, formatiewe lees.

By Stasie 3 is die formatiewe lees van die Bybel van belang. Formatiewe lees impliseer dat niemand die volle waarheid besit nie en dat almal saam soos bedelaars na die Woord luister. Pat Kiefert beskryf dit as *de-centering*. Luister gebeur wanneer iemand anders die rol van die akteur op die verhoog inneem en ek na hom luister vanuit die posisie van ŉ toeskouer (Marais, 2011:81).

Dit is in teenstelling met informatiewe lees waar ŉ ekspert die kennis het om die Woord te verklaar.

Praktiese gebruike by Stasie 3:

- Lees die Woord op verskillende maniere.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Gebruik die Woord op meer plekke as net by die opening en afsluiting van die vergadering.
- Leiers besluit saam watter Skrifgedeelte gelees word.
- Gebruik die Leesrooster.
- Lectio Divina.
- Wandel in die Woord.

5.5.4.4 Luister na mekaar

Kerkvergaderings verloop normaalweg streng volgens vergaderingsprosedure. Hierin speel debat ŉ groot rol. Die probleem met debatvoering is dat dit nie veel ruimte laat vir mense om na mekaar te luister nie.

In ŉ poging om beter na mekaar te luister moet geleentheid geskep word vir dialoog. Dialoog vind plaas wanneer gespreksgenote bereid is om hul eie vooropgestelde idees opsy te skuif en van magsposisies afstand te doen.

Dietrich Bonhoeffer (1979:18) se perspektief is insiggewend "Om letterlik of figuurlik ŉ ander mens se harspan in te slaan net omdat hy anders is, het met inbors niks te maak nie. Waaragtig, dit vra meer inbors om die ander mens te vind en te verdra sonder om daardeur jouself prys te gee. Die klaarkom-met-mekaar sonder om mekaar se harspanne in te slaan, is eintlik ŉ lewenstaak."

Marais (2011:88) noem drie luistergewoontes wat tydens vergaderings benut kan word. In klein groepies van twee of drie kan mense leer om beter na mekaar te luister.

- Om die ander te eggo.

  Nadat daar na die ander geluister is, word herhaal wat hy/sy gesê het. Wanneer die ander tevrede is dat hy/sy reg gehoor is, word die proses omgedraai.

- Bevestiging eerder as beskaam.

  Bevestiging is waardevol wanneer ŉ groep vyandig teenoor mekaar is en daar onderlinge wantroue heers.

  Een persoon van die groep word gevra om met sy rug na die ander te sit. Die res van die groep maak ŉ lysie van die gawes en dit wat van hom waardeer word. Die persoon draai om en die lysie word aan hom voorgelees en verduidelik. Nadat die lysie aan die persoon oorhandig is, word vir hom gebid.

- Empatiese luister.

  Identifiseer ŉ onderwerp waaroor die groep diepgaande verskille het. Elkeen kry ŉ pen en papier en voordat die saak bespreek word, skryf elkeen sy eie standpunt neer. Die verskillende standpunte word op ŉ bord of muur geplak. Elke persoon kry geleentheid om sy standpunt te stel. Die beginsels van eggo en bevestiging geld in die bespreking daarna.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.5.4.5 Luister na ander en ons tyd

Vergaderings is gewoonlik geslote byeenkomste. Dit impliseer dat die opinie van die wat nie tot die vergadering behoort nie, nie gehoor kan word nie. Sodoende word hulle waardevolle bydra nooit in ag geneem nie.

Hahn (in Zsceile et al.2011:160-162) skryf insiggewend oor "the Trinity as person-in-relation and as other" in sy bespreking van Zizioulas se verstaan van die Triniteit in sy werk Communion and Otherness. Hy bring dit verder in verband met die opheffing van Taylor se idee van die *buffered self.* "Taylor's construct of the buffered self, withdrawn and disengaged, is challanged in this understanding of anticipated future coming through converstion with the other."

Die ander is dikwels mense wie se stem nie normaalweg in die gemeente gehoor word nie. Dit is die stemloses soos vroue, kinders, die armes en mense van ander kulture.

Mense buite die gemeente se opinie moet ook in ag geneem word.

Met 'n oop gemoed en nederige gesindheid moet die breër gemeenskap waarbinne die gemeente bestaan en selfs vreemdelinge se stemme gehoor word.

5.5.4.6 Luister weer na God se Woord en word bewus van die werk van die Heilige Gees.

Die missio Dei impliseer dat God steeds werksaam is in die wêreld. Die Vader stuur die Seun, die Seun stuur die Heilige Gees en die Heilige Gees stuur die kerk.

Die werk van die Heilige Gees is nie net merkbaar in die buitengewone en spesiale gawes nie. Die Gees werk dikwels deur gewone mense en alledaagse gebeurtenisse.

So help die Gees onder andere mense om te beweeg:

- van vrees na vertroue
- van beskaming na bevestiging en bemagtiging
- van magloosheid na bevryding
- van isolasie en vyandigskap na gemeenskap
- van leuens na die waarheid
- van selfgesentreerdheid na diens

Die Heilige Gees help ook met besluitneming. Soms soos met implementering van besluite moet gestem word. Meer dikwels veral oor sake soos die roeping en visie van die gemeente word besluite met konsensus geneem. Met konsensus is die beoefening van geduld en wag op die Gees van grootste belang.

Die doel van geloofsonderskeiding is nie in die eerste plek om tot 'n besluit te kom nie maar om tot geloofsoortuiging te kom. Kerkvergaderings is nie demokraties nie maar eerder pneumokraties. Die uitkoms moet wees: "Ons en die Heilige Gees het besluit."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Leef**

Die luistersiklus is nie ʼn doel op sigself nie maar lei daartoe dat mense as beelddraers van God sal leef.

5.5.4.7 Fokus op wat God nou doen

Luister bring nuwe betekenis aangaande God en ons roeping. Wanneer luister deel van die gemeente se kultuur en die vergaderingsprosedure uitmaak, kom ʼn nuwe verstaan van God en sy openbaring na vore.

Die Heilige Gees werk oral en op elke plek word God se Koninkryk sigbaar.

Die lewe van die gemeente moet dit wat Hy by God gehoor het in die praktyk bewys. Die gemeente se lewe is ʼn reaksie op wat God doen.

Die Here roep nie die gemeente om suksesvol te wees nie maar om gehoorsaam te wees en sy wil te doen.

5.5.4.8 Antwoord met jou lewe

Ten slotte gaan dit daaroor dat besluite in dade sal oorgaan.

Die Gees rus die gemeente toe met gawes en bemagtig hulle om sy werk te doen.

ʼn Gehoorsame lewe skep geloofsgewoontes en dra dit oor aan die volgende geslag.

Die luistersiklus is nie ʼn resep vir onmiddellike sukses nie. Met toewyding en deursettingsvermoë moet die gemeente getrou bly aan wat hulle by God en ander hoor.

## 5.6 Konklusie

In hierdie hoofstuk het die normatiewe taak van die praktiese teologie onder die aandag gekom.

Eerstens is die verstaan van die begrip geloofsonderskeiding in die Skrif nagevors. Daarna is vyf momente beskryf waar geloofsonderskeiding ʼn groot rol in die geskiedenis van die Christelike kerk gespeel het.

Die luistersiklus wat Marais (2011:47-115) voorstel is as model voorgehou vir die praktiese toepassing van geloofsonderskeiding in kerkvergaderings.

Geloofsonderskeiding kan nie beoefen word sonder ʼn diepgaande spiritualiteit nie. Die erns waarmee die vroeë kerk besluite geneem het, die lewe van die woestynvaders en moeders, die toewyding van Ignatius van Loyola, die insig van die Kwakers in die probleem van slawerny, die herontdekking van die *missio Dei* en waardering van die Triniteit deur die missionale beweging, lewer bewys dat geloofsonderskeiding nie ʼn kitsoplossing of tydsgier is nie.

ʼn Lewe voor die aangesig van God lei tot nuwe ontdekkings van sy wil in ʼn bepaalde situasie en tyd.

Die luistersiklus kan prakties toegepas word in elke gemeente. Ook hier vra dit ʼn bepaalde spiritualiteit en ʼn wegbeweeg van tradisionele vergaderingsprosedure.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar moet gewaag word om na God en die ander te luister sodat bepaal kan word waar en waarmee God tans besig is en ook wat Hy van elke gemeente in sy eie konteks verwag.

Wanneer leiers in kerkvergaderings bereid is om opreg na God se stem te luister sal hulle in staat wees om die wil van God vir hulle tyd te kan onderskei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 6: KONKLUSIE EN AANBEVELINGS

## 6.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie is om te bepaal hoe predikante en kerkrade in die Oostelike Sinode van die NG Kerk geloofsonderskeiding verstaan en in watter mate dit toegepas is tydens besluitnemingsprosesse in kerkvergaderings.

In die vorige hoofstuk is ondersoek ingestel na die voorkoms en verstaan van geloofsonderskeiding in die Skrif. Daar is veral gelet op die wyse waarop die vroeë Christelike gemeente geloofsonderskeiding prakties toegepas het met die neem van deurslaggewende besluite.

Die ondersoek is nie ʼn eksegetiese studie van geloofsonderskeiding nie. Dit is bloot ʼn samevatting van die Skriftuurlike verstaan van die begrip uit erkende literatuur om die normatiewe komponent uit een te sit.

Dit was verder van belang om te kyk na die ontwikkeling en beoefening van geloofsonderskeiding deur die loop van die geskiedenis van die Christelike kerk. Daar is na vyf groot momente verwys.

Die luistersiklus wat Marais (2011:47-115) voorstel, is voorgehou as moontlike model vir geloofsonderskeiding tydens kerkvergaderings.

Tot dusver is daar in die navorsingswerkstuk aandag gegee aan die eerste drie take waarop die prakties-teologiese interpretasie fokus, naamlik die beskrywend empiriese, die interpretatiewe en die normatiewe take (Osmer, 2008:4).

Die vierde en laaste taak is die pragmatiese taak. Hier word gevra: ”Hoe behoort ons te reageer?” Osmer (2008:176) beskryf die vierde taak as: ”the task of forming and enacting strategies of action that influence events in ways that are desirable.”

In ʼn poging om ʼn antwoord hierop te gee, word die navorsingsvraag beantwoord deur te verwys na:

- Die inligting wat in Hoofstuk 3 verkry is uit die vraelyste aan predikante, die fokusgroepe by twee gemeentes en die beskrywing van die Oostelike Sinode se vergadering in 2014.
- Hoofstuk 4 wat die ontstaan en betekenis van die Belydenis van Belhar beskryf het. Die stemproses wat deur die Sinode aan gemeentes voorgeskryf is, is ook verduidelik.
- Die betekenis en verstaan van geloofsonderskeiding in die Skrif en die ontwikkeling daarvan deur die geskiedenis van die Christelike kerk. Die luistersiklus van Marais (2011:47-115) dien as model waaraan die praktyk van geloofsonderskeiding in vergaderings beoordeel word. Dit is in Hoofstuk 5 bespreek.

Hierop volg enkele aanbevelings oor hoe kerkrade geloofsonderskeiding as integrale deel van hul werkwyse kan beoefen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## 6.2 Verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding

Hoe predikante van die Oostelike Sinode geloofsonderskeiding verstaan en dit prakties toepas by kerkvergaderings, is in Hoofstuk 3 beskryf. Sodoende is Osmer (2008:4) se eerste vraag, naamlik "Wat gaan aan?" beantwoord.

Die navorser het gebruik gemaak van drie metodes om dit vas te stel. Eerstens is vraelyste aan predikante gestuur om hul verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding te bepaal.

Tweedens is fokusgroeponderhoude met kerkraadslede van twee gemeentes gevoer om kerkraadslede se verstaan van geloofsonderskeiding en die toepassing daarvan te peil.

Derdens is ondersoek ingestel na die verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding tydens die vergadering van die Oostelike Sinode van 19 tot 21 Oktober 2014. In die lig van die feit dat die uitslag van die kerkrade verskil het van die van die Sinode was dit belangrik om te bepaal hoe geloofsonderskeiding toegepas is by die onderskeie vergaderings.

### 6.2.1 Predikante se verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding by kerkraadsvergaderings

Die verwerking van die inligting uit die vraelyste wat deur predikante van die Oostelike Sinode ingevul is, dui daarop dat predikante ŉ goeie begrip het van geloofsonderskeiding by kerkraadsvergaderings. Dit blyk uit die volgende:

- Die voorsitter se taak is om die vergadering te lei om God se wil te onderskei en nie net om te sorg dat alles volgens ordereëls verloop nie.
- Kerkraadsvergaderings word beskou as geestelike byeenkomste en nie besigheidsvergaderings nie.
- Die variasie van die gebruik van die Skrif en gebed het ŉ verdieping in spiritualiteit by kerkraadsvergaderings teweeggebring.
- Daar is genoeg tyd om die wil van God tydens vergaderings te onderskei.

### 6.2.2 Kerkrade se verstaan en toepassing van geloofsonderskeiding

Die kwalitatiewe data van fokusgroeponderhoude by twee gemeentes het gehelp om iets te verstaan van die praktyk van geloofsonderskeiding tydens kerkraadsvergaderings.

- Kerkrade is goed georden en verloop streng volgens vergaderingsprosedure.
- Tyd is ŉ inhiberende faktor waarmee altyd rekening gehou moet word.
- Gebed is ŉ belangrike deel van kerkraadsvergaderings maar vind hoofsaaklik plaas aan die begin en einde van die vergaderings.
- Alhoewel die waarde van gebed besef word, is daar nie spesiaal gebid voor die besluit oor die wysiging van Artikel 1 geneem is nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Moeite word gedoen met die Skrifhantering by die opening van vergaderings. Dit word hanteer as toerustingsgeleentheid en om die lig van die Woord op sake op die sakelys te laat val. Die Skrif word egter nie deur die loop van die vergadering gebruik om spesifieke sake te belig nie.
- Om stil te word en op die teenwoordigheid van God te fokus, is nie deel van die normale verloop van die vergadering nie.
- Die riglyne vir die stemproses oor die wysiging van Artikel 1, soos deur die Sinode voorgeskryf, is stiptelik nagevolg. Die Skrif en die gebede het nie tydens die stemproses ŉ groot rol gespeel nie.
- Alhoewel daar sprake van geloofsonderskeiding tydens vergaderings was, het dit geen noemenswaardige rol gespeel met die besluit oor die wysiging van Artikel 1 nie.

### 6.2.3 Die vergadering van die Oostelike Sinode, 19 tot 21 Oktober 2014

Die uitkoms van die besluit deur die Oostelike Sinode het verskil van die uitkoms van gemeentes. Het die wyse waarop geloofsonderskeiding by die Sinode toegepas is, verskil van hoe dit by kerkrade funksioneer?

Eerstens is vasgestel hoe predikante geloofsonderskeiding verstaan en hoe dit tydens kerkraadsvergaderings toegepas is. Die volgende logiese stap was om te bepaal hoe geloofsonderskeiding by die Sinode plaasgevind het. Kan dit ŉ antwoord bied op die verskil in uitslag tussen die gemeentes en sinode?

- Oostelike Sinode verwys na homself as ŉ gesonde familie. Die Sinode plaas ŉ hoë premie op hierdie metafoor soos wat in sy waardes beskryf word.
- Toewydingsgeleenthede het die sinodegangers diep onder die indruk gelaat van God se teenwoordigheid by die vergadering.
- Daar is ruimte geskep vir verdere gesprek oor die wysiging van Artikel 1.
- Die voorsitter het die vergadering kortliks ingelig oor die praktyk van geloofsonderskeiding.
- Voor daar oorgegaan is tot stemming het die voorsitter die vergadering gelei in geloofsonderskeidende praktyke. Daar is geleentheid gegee vir stilte en bewus van God se teenwoordigheid het die vergadering in groepe gebid. Daarna het die voorsitter self die stemproses aan die Here opgedra in gebed.

## 6.3 Die rede vir die besluitneming oor die wysiging van Artikel 1

Die Belydenis van Belhar en die stemproses wat deur die Sinode aan gemeentes voorgehou is, het in Hoofstuk 4 ter sprake gekom. Hierdie twee sake antwoord Osmer (2008:4) se volgende vraag, naamlik “Waarom gebeur dit?”

Die VGK se aanvaarding van die Belydenis van Belhar en die vraagstuk oor kerkhereniging het die Algemene Sinode tot die besluit laat kom om Artikel 1 van die Kerkorde te wysig. Die aanvaarding van Artikel 1 sou die belydenis basis van die NG Kerk uitbrei om die Belydenis van Belhar te aanvaar en die proses van kerkhereniging moontlik maak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

### 6.3.1 Die Belydenis van Belhar

- Die inhoud van die belydenis handel oor die eenheid van die kerk, die versoening in Christus en die geregtigheid van God.
- Dit impliseer dat ras en afkoms nie lidmaatskap tot die Christelike kerk kan bepaal nie.
- Sedert die ontstaan van die Belydenis van Belhar het die saak van kerkhereniging al hoe meer dringend geword veral nadat die NG Kerk in 1990 besluit het dat hy geen Skriftuurlike beswaar teen die Belydenis het nie.

### 6.3.2 Die stemproses wat die Sinode aan gemeentes voorgestel het

In ʼn poging om sy belydenisbasis uit te brei het die Algemene Sinode van die NG Kerk besluit om Artikel 1 van die Kerkorde te wysig. So sou dit moontlik wees om ook die Belydenis van Belhar op te neem as amptelike belydenisskrif van die NG Kerk. Hiermee sou die proses van kerkhereniging vergemaklik word.

Die vraag na die verstaan en praktyk van geloofsonderskeiding by predikante en kerkrade het dus sy ontstaan uit die voorstel van die Sinode om Artikel 1 te wysig.

- Die Algemene Sinode van 2011 besluit om die Belydenis van Belhar deel te maak van die NG Kerk se belydenisgrondslag.
- Die Algemene Sinode van 2013 het besluit om die besluit van 2011 te implementeer deur Artikel 1 van die Kerkorde te wysig.
- Die Sinode het ʼn stemproses voorgestel aan die hand van Reglement 24 wat die prosedure vir gemeentes bepaal by die wysiging van belydenis.
- Hierdie proses is in detail uitgewerk en aan gemeentes voorgeskryf om uit te voer. Die meeste gemeentes het dit nougeset nagevolg.
- Alhoewel gemeentes in die inligtingstukke van die Sinode aangemoedig is om die stemproses met geloofsonderskeiding te hanteer, het daar in die praktyk nie veel van gekom nie. Die feit dat die proses kerkregtelik korrek moes verloop en binne ʼn bepaalde tydskedule afgehandel moes wees, het onder andere hiertoe bygedra.

## 6.4 Geloofsonderskeiding en die luistersiklus

Uit die voorafgaande hoofstukke het dit duidelik geword dat geloofsonderskeiding ʼn bepaalde invloed het op die besluite wat vergaderings neem.

Daarom is daar in Hoofstuk 5 aandag gegee aan die omskrywing en verstaan van die begrip geloofsonderskeiding. Die toepassing daarvan aan die hand van die luistersiklus is voorgestel as riglyne vir toekomstige praktyke. Osmer (2008:4) se vraag oor die pragmatiese taak is op hierdie wyse aangespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

### 6.4.1 Geloofsonderskeiding in die Skrif deur die loop van die geskiedenis

- Deur die verhaal van die Bybel is mense besig om na God te luister en sy wil te gehoorsaam. Die woord vir geloofsonderskeiding word egter net een maal in die Ou Testament gebruik.
- In die Nuwe Testament is daar ŉ paar woorde wat die begrip aandui. Vir die Bybelskrywers is dit van groot belang dat gelowiges die wil van God in hulle konteks sal kan onderskei.
- Daar is twee belangrike voorbeelde waar die vroeë kerk geloofsonderskeidend optree. Die gemeente van Antiogië stuur die eerste sendelinge uit nadat hulle saam na die wil van God gesoek het. Die Jerusalemvergadering neem moeilike besluite wat die toekoms van die kerk bepaal na ŉ proses van geloofsonderskeiding.
- Deur die geskiedenis van die Christelike kerk is daar vyf momente waar geloofsonderskeiding sterk op die voorgrond tree naamlik die Skriftradisie, die Kloostertradisie, Ignatius van Loyola, die Kwakertradisie en die herwaardering van geloofsonderskeiding deur missionale kerke. Deur kennis te neem van hierdie persone en tydperke word die waarde van geloofsonderskeiding vir die kerk opnuut ontdek.

### 6.4.2 Die luistersiklus as praktiese toepassing van geloofsonderskeiding in gemeentes

Die luistersiklus van Marais (2011:47-115) word voorgestel as ŉ model wat nagevolg kan word deur kerkvergaderings wat geloofsonderskeiding prakties tydens vergaderings wil toepas.

- Eerstens veronderstel die luistersiklus ŉ verdiepte spiritualiteit.
- Die luistersiklus bestaan uit drie hooffases naamlik rus, luister en leef.
- Dit word uitgebrei in agt verdere stasies.

  Rus: God nooi ons uit.

  Beweeg in God se tyd in.

  Luister: Luister na God se Woord.

  Luister na mekaar.

  Luister na ander en ons tyd. Luister weer na God se Woord en raak bewus van die werk van die Heilige Gees.

  Leef: Fokus op wat God nou doen.

  Antwoord met jou lewe.

Die luistersiklus kan gelowiges help om bewus te word van God se teenwoordigheid, na sy Woord en mekaar te luister en om dan te fokus op waarmee God besig is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## 6.5 Konklusie

Die navorser wil dit wat met hierdie navorsingwerkstuk duidelik geword het, uitlig. Daar is ondersoek ingestel om te bepaal hoe predikante en kerkrade in die Oostelike Sinode geloofsonderskeiding verstaan en in watter mate dit toegepas is in die besluitnemingsprosesse tydens kerkvergaderings.

Die predikante van die Oostelike Sinode het ŉ goeie begrip van geloofsonderskeiding.

Die inligting van die fokusgroeponderhoude dui egter daarop dat geloofsonderskeiding nie ŉ integrale deel uitmaak van kerkraadsvergaderings nie. Wanneer die verloop en besluitnemingsprosesse van kerkraadsvergaderings vergelyk word met die luistersiklus is dit duidelik dat daar min sprake was van geloofsonderskeiding.

Die nougesette navolg van die formele stemproses soos deur die Sinode voorgestel, het baie min ruimte gelaat vir geloofsonderskeiding. Te veel klem is gelê op die feit dat die proses kerkregtelik korrek moes geskied en binne ŉ bepaalde tydraamwerk afgehandel moes word.

Daar is min getuienis dat kerkrade met ŉ luisterende gesindheid aan die stemproses oor Artikel 1 deelgeneem het (Niemandt, 2013:117).

Ten spyte van die feit dat predikante ŉ goeie begrip van geloofsonderskeiding het, blyk dit dat hulle nie sterk genoeg geestelike leiding gegee het tydens die besluitnemingsproses van die kerkraadsvergaderings nie.

Die gebrek aan geloofsonderskeiding by kerkrade het dus ŉ invloed gehad op hulle besluit oor die wysiging van Artikel 1.

Die Sinode se besluit het verskil van dié van die gemeentes.

Daar is aangetoon dat die toewydingsgeleenthede asook die stemproses van die Sinode gefokus het om te hoor wat God se wil vir die vergadering was. Die voorsitter het sterk leiding gegee om die Sinode te begelei in ŉ proses van geloofsonderskeiding voordat hulle oor die wysiging van Artikel 1 gestem het.

Die Sinode was nie gebind aan ŉ voorgeskrewe proses soos die gemeentes nie. Die feit dat ŉ Sinode oor ŉ paar dae strek, skep ŉ dieper spiritualiteit as by ŉ haastige kerkraadsvergadering waar tyd meestal ŉ negatiewe rol speel.

Die toepassing van geloofsonderskeiding tydens die Sinode het dus ŉ invloed gehad op sy besluit oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde.

## 6.6 Aanbevelings

- Predikante moet hul rol as geestelike leiers herontdek en uitoefen.
- Kerkraadslede is nie geheel onkundig oor geloofsonderskeiding nie. Predikante kan egter meer daarvan maak om kerkraadsvergaderings as geestelike byeenkomste in te rig waar die teenwoordigheid van God beleef word.
- Kerkrade moet die vermoë aanleer om na God en die wêreld te luister.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Daar moet geleenthede geskep word om na die stem van die ander te luister.
- Die luistersiklus kan dien as model om kerkrade te help om geloofsonderskeiding in die praktyk toe te pas.

*Sê God so?*

Wanneer predikante hulle rol as geestelike begeleiers vervul en kerkvergaderings inrig as spirituele gebeurtenisse waarin geloofsonderskeiding voorop staan, kan *Sê God so*? beantwoord word met: “God sê so” want ons en die Heilige Gees het besluit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## BIBLIOGRAFIE


Aanvullende Agenda van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2015.

Agenda van die Oostelike Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2014.

Barry, W. A. & Connolly, W. J. 2009. *The Practice of Spiritual Direction*. New York: Harper One.

Belydenis van Belhar en begeleidende brief. [Aanlyn] http://www.vgksa.org.za/documents/Belydenis%20van%20Belhar.pdf

Blackie, M. 2013. *Rooted in Love: Integrating Ignatian spirituality into daily life*.South Africa: New Voices Publishing.

Bonhoeffer, D. 1979. *Midde-in die wêreld. Meditasies*. Kaapstad: Tafelberg.

Bosch, D.J. 2011. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis Books.

Bowen, Glen. A. 2009. *Document Analysis as a Qualitative Research Method*. Qualitative Research Journal, vol 9 no.2 pp. 27-40.

Burger, C. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON.

Burger, C. 2005. *Ontmoetings met die lewende God: Hoe God ons roep, nuut maak – en stuur*. Wellington: Bybel-Media.

Bybel.1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Cloete, G.D.& Smit, D.J. 1984. *'n Oomblik van Waarheid*. Kaapstad: Tafelberg.

Communitas. Die Gereformeerde Belydenisskrifte. [Aanlyn] http://communitas.co.za/Dokumente/saam2013/Belydenis.doc [2015,November 4].

Creswell. J.W. 2003. *Research Design: Qualitative, Quantitave and Mixed Methods Approuches.* London. SAGE.

Deist, F.1982. *Sê God So? Protes en pleidooi – oor óns tyd, vir óns land*. Kaapstad: Tafelberg.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M.F. & Schurink, EW. 1998. *Introduction to the research process.In Research at Grass Roots. A Primer for Caring Professions*. First Edition. Pretoria: Van Schaik.

Ellison, P.T. 2009. 'Word-Dwelling, Deep Listening, and Faith-Based Moral Conversation' in Congregations: A Nested Vision for Learning New Habits.' in Patrick Keifert (ed.), *Testing the Spirits. How theology informs the study of congregations*, pp. 89-108, Grand Rapids: Michigan: Wm. B. Eerdmans.

Esterhuyse, W.P. 1989. *Broers buite hoorafstand*. Kaapstad: Tafelberg.

Gibbs, E. 2005. *Leadership Next: Changing Leaders in a Changing Culture.* Nottingham:InterVarsityPress

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hahn, D.C. 2012. 'Congregational Discerning as Divine Action in Conversation.' In Zscheile, D.J. (ed.), *Cultivating sent Communities*, pp.145-165, Grand Rapids: Wm.B.Eerdemans.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2011.

Handelinge van die Oostelike Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2014.

Hendriks, H.J. 2004. *Studying Congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.

Holladay, William L. 1971. *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament.* Leiden: E.J.Brill.

*Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke*, *2014*. Uitgawe 165.

Louw, J.P. & Nida, E.A. (ed) 1988. *Greek-English lexicon on the New Testament based on semantic domains*, Vol 1. New York: United Bible Societies.

Marais, F. 2011. *Meeting with God's Voice: a guide for leaders seeking God's agenda for their congregations*. Wellington: Bible Media.

Maree, K. (ed.), 2011. *First Steps in Recearch*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

McKnight, S. 2007. *A Community called atonement.* Nashville: Adingdon Pess.

McLaren, B.D. 2010. *A New Kind or Chrisianity: ten questions that are transforming the faith.* New York: Harper One.

Migliore, D. 2004. *Faith Seeking Understanding: an introduction to Christian theology (Second Edition).* Michigan: Eerdmans.

Mouton, J & Marais, H.C. 1991. *Basiese Begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN.

Newbigin, L. 1995. *The Open Secret: an introduction to the theology of mission*. Grand Rapids: Eerdemans.

Nicol, W. 1989. *Stem in die Stilte. 'n Werkboek in Christelike meditasie*. Pretoria: Orion.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede.* Wellington: Lux Verbi.

Niemandt, N. 2013. *Nuwe Leiers vir nuwe werklikhede.* Vereeniging: CUM.

Olsen, Charles. M. 1995. *Transforming Church Boards*. Maryland: Alban Institute.

Olsen, Charles. M. & Morris, Danny. E. 1997. *Discerning God's Will together. A spiritual Practice for the Church.* Maryland: Alban Institute.

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology: An Introduction.* Grand Rapids: Eerdmans.

Peterson, E.H. 1987. *Working the Angles: The shape of pastoral integrity*. Grand Rapids: Eerdmans.

Peterson, E.H. 1992. *Under the Unpredictable Plant: An exploration in vocational holiness*. Grand Rapids: Eerdmans.

Peterson, E.H. 1994. *The Contemplative Pastor: Returning to the art of spiritual direction.* Grand Rapids: Eerdmans.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Robinson, A. B. 2003. *Transforming Congregational Culture.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Rohr, R. 2015. *Richard Rohr's Daily Meditaion: Mystics and Non Duality. A different consciousness.* [Aanlyn] cac@cacradicalgrace.ccsend.com [2015, Junie 28].

Rohr, R. 2015. *Richard Rohr's Daily Meditaion: Mystics and Non Dual Thinkers. Richard of St. Victor.*[Aanlyn] cac@cacradicalgrace.ccsend.com [2015, Julie 14].

Scharmer, C. O. 2009. *Theory: U Leading from the Future as it emerges*. San Francisco: Berrett-Koehler.

Smit, A. 2001. *Meetings That Matter*: *Leadership, spirituality and discernment in congregations.* Wellington: Lux Mundi.BM

Smit, D.1990. *Die Belydenis van Belhar: Ontstaan, Inhoud, Resepsie, Relevansie. Studientagung,* 15-17 Mai 1998, Detmold. Christelike Studie. [Aanlyn] http://www.kaapkerk.co.za/wp/wpcontent/uplouds/detmold.belhar.praatjie.afr.doc [2015, November 5].

Smith,T. 2014. *Raw Spirituality: The rhythms of the Jesus life.* Illinois:InterVarsity Press.

Taylor, C. 2007. *A Secular Age*. Cambridge, Mass: Harvard University Press.

Tran, C.C. & Boyd, S.H. 2015. *Spiritual Discernment: A method of discernment in small groups and congregations.* Maryland: Rowman Littlefield.

Vanhoozer, K.J. *ed*. 2007. *Everyday Theology:How to read cultural texts and interpret trends.* Grand Rapids: Baker Academic.

Volf, M. 1996. *Exclution & Embrace: A theological exploration of identity, otherness and reconciliation.* Nashville: Abingdon Press.

Wright, N.T. 2012. *How God Became King: The forgotten story of the gospels*. New York: Harper Collins.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# BYLAES

## BYLAAG A: ETIESE KLARING

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

**Approval Notice**
**New Application**

01-Dec-2015
Louwrens, Carl C

**Proposal #: SU-HSD-001638**

**Title:** **Geloofsonderskeiding in besluitneming oor die wysiging van Artikel1 van die Kerkorde in die Oostelike Sinode van die Ned Geref Kerk met spesefieke verwysing na twee plattelandse gemeentes.**

Dear Rev Carl Louwrens,

**Your New Application received on 19-Nov-2015, was reviewed**
**Please note the following information about your approved research proposal:**

**Proposal Approval Period: 30-Nov-2015 -29-Nov-2016**

**Please take note of the general Investigator Responsibilities attached to this letter. You may commence with your research after complying fully with these guidelines.**

**Please remember to use your proposal number (SU-HSD-001638) on any documents or correspondence with the REC concerning your research proposal.**

**Please note that the REC has the prerogative and authority to ask further questions, seek additional information, require further modifications, or monitor the conduct of your research and the consent process.**

**Also note that a progress report should be submitted to the Committee before the approval period has expired if a continuation is required. The Committee will then consider the continuation of the project for a further year (if necessary).**

**This committee abides by the ethical norms and principles for research, established by the Declaration of Helsinki and the Guidelines for Ethical Research: Principles Structures and Processes 2004 (Department of Health). Annually a number of projects may be selected randomly for an external audit.**

**National Health Research Ethics Committee (NHREC) registration number REC-050411-032.**

**We wish you the best as you conduct your research.**

**If you have any questions or need further help, please contact the REC office at 218089183.**

**Included Documents:**
DESC Report - Hansen, Leonard
DESC Report - Hansen, Leonard 1
REC: Humanities New Application

Sincerely,

Clarissa Graham
REC Coordinator
Research Ethics Committee: Human Research (Humanities)

## BYLAAG B: VRAELYS AAN PREDIKANTE

### VERGADERINGSPROSEDURE

**1. VOORSITTERSKAP** — **KANTOORGEBRUIK**

1.1 Wie is die voorsitter van die kerkraad?

- ‘n Leraar [1] ☐
- ‘n Kerkraadslid [2] ☐ — $v_1$

1.2 Roteer die voorsitterskap? Ja [1] ☐ Nee [2] ☐ — $v_2$

1.3 Indien wel, hoe gereeld? Merk een blokkie

- Van vergadering tot vergadering [1] ☐
- Volgens ampstermyn [2] ☐
- Jaarliks [3] ☐
- Ander – spesifiseer [4] ☐ — $v_3$

_____

_____

1.4 Die voorsitter is slegs verantwoordelik dat die vergadering volgens ordereëlings verloop Ja [1] ☐ Nee [2] ☐ — $v_4$

1.5 Begeleiding van die vergadering om God se wil vir die gemeente te onderskei berus by:

- Die voorsitter [1] ☐
- ‘n Ander persoon, *bv ‘n leraar* [2] ☐ — $v_5$

**2. SKRIFGEBRUIK TYDENS KERKRAADSVERGADERINGS**

*Merk slegs een blokkie wat die standaardprosedure by die kerkraadsvergaderings is*

2.1 **WIE** is verantwoordelik vir die spiritualiteitsoefening bv Skriflesing of Wandel in die Woord tydens ‘n kerkraadsvergadering?

- Voorsitter [1] ☐
- Aangewese persoon [2] ☐ — $v_6$

2.2 **HOE** word die Skrif tydens kerkraadsvergaderings hanteer?

- Slegs Skriflesing [1] ☐
- Skriflesing en oordenking [2] ☐
- Skriflesing en gesprek daaroor met mekaar [3] ☐
- “Wandel in die Woord” (*Almal luister saam na ‘n Skrif-gedeelte en bespreek dit met die oog op bepaalde agenda sake*.) [4] ☐
- Ander – spesifiseer [5] ☐ — $v_7$

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

_____ _____

_____

_____

3. **GEBED TYDENS KERKRAADSVERGADERINGS**

*Merk slegs een blokkie wat die standaardprosedure by die kerkraadsvergadering is.*

3.1 **WIE HANTEER DIE GEBED TYDENS 'N KERKRAADSVERGADERING?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ▪ Voorsitter | 1 | | |
| ▪ Aangewese persoon | 2 | | $v_8$ |

3.2 **WYSE VAN GEBED TYDENS KERKRAADSVERGADERINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ▪ Slegs een persoon doen 'n gebed | 1 | | |
| ▪ Meer as een persoon gaan voor in gebed | 2 | | |
| ▪ Lede bid in groepies | 3 | | |
| ▪ Stilgebed | 4 | | |
| ▪ Kombinasie van bogenoemde | 5 | | $v_9$ |

3.3 **WANNEER WORD GEBID TYDENS KERKRAADSVERGADERINGS?**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ▪ Slegs aan die begin en die einde van die vergadering | Ja | 1 | | Nee | 2 | | $v_{10}$ |
| ▪ Aan die begin en einde asook deur die loop van die vergadering (bv aan die einde van 'n verslag). | Ja | 1 | | Nee | 2 | | $v_{11}$ |

4. **BESLUITNEMINGSPROSES**

*Merk slegs die blokkie wat die standaardprosedure oor besluitneming by Kerkraadsvergaderings is.*

4.1 **BESPREKING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ▪ Bespreking vind plaas deur lede wat standpunte beredeneer | 1 | | |
| ▪ Bespreking vind plaas deur te wandel in die Woord (saam te luister na die Woord om God se wil te onderskei ) | 2 | | $v_{12}$ |

**4.2 BESLUITNEMING**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| ▪ Besluitneming geskied deur die meerderheid van stemme. | 1 | | |
| ▪ Besluitneming vind plaas nadat daar konsensus bereik is oor wat die wil van die Here is | 2 | | _____ |

- Verwys na kommissie / taakgroep vir latere besluit | 3 | | $v_{13}$

## 5. SPIRITUALITEIT

5.1 Hoe beleef kerkraadslede die kerkraadsvergadering? Merk die toepaslike blokkie (slegs een).

- ‘n Besigheidsvergadering | 1 | |
- ‘n Geestelike byeenkoms | 2 | | $v_{14}$

*Beoordeel die volgende 4 stellings en kies dan slegs dié opsie wat u opinie die beste weergee*

| | Stem glad nie saam | | Stem nie saam nie | | Stem saam | | Stem beslis saam | | Nie van toepassing | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5.2 Daar is genoeg tyd tydens ‘n vergadering om die wil van God te onderskei. | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | | $v_{15}$ |
| 5.3 Wat is jul opinie oor die volgende stelling *“God, show us your will and if we like it, we will do it”* | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | | $v_{16}$ |
| 5.4 Daar is tans ‘n dieper spiritualiteit by kerkraadsvergaderings as 10 jaar gelede. | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | $v_{17}$ |

5.5 Die kerkraad se besluit oor die verandering van Artikel 1
van die Kerkorde is geneem nadat ‘n proses van geloofs-
onderskeiding gevolg is.

Ja | 1 | | Nee | 2 | | $v_{18}$

## 6. BIOGRAFIES BESONDERHEDE MEI – NOV 2014

6.1 Grootte van gemeente.
Merk die toepaslike blokkie

- Gemeente bestaan uit **meer as** 700 belydende lidmate | 1 | |
- Gemeente bestaan uit **hoogstens** 700 belydende lidmate | 2 | | $v_{19}$

6.2 Ligging.
Merk toepaslike blokkie

- Stedelik | 1 | ☐
- Platteland | 2 | ☐ | v20

6.3 Die totale ***getal*** kerkraadslede ☐ | $v_{21}$

6.4 Die kerkraad word saamgestel uit leraar/s en (Merk slegs een):

- Wyksleiers vir elke wyk (ten minste 1 per wyk) | 1 | ☐
- Voorsitters van diensgroepe | 2 | ☐
- Ander – spesifiseer | 3 | ☐ | $v_{22}$

_____

_____

6.5 Hoe verteenwoordigend is die kerkraad …

6.5.1 Ten opsigte van **geslag.**
(Merk slegs een)

- Meer mans as vroue | 1 | ☐
- Meer vroue as mans | 2 | ☐
- Vroue en mans gelyk | 3 | ☐ | v23

6.5.2 **Ouderdom**
Geskatte getal kerkraadslede volgens ouderdomsgroep

- Jonger as 40 ☐ | $v_{24}$
- Tussen 40 en 60 ☐ | $v_{25}$
- Ouer as 60 ☐ | $v_{26}$

6.5.3 **Bedieninge**

*Beoordeel die volgende stelling en kies dan slegs dié opsie wat u opinie die beste weergee*

| | Stem glad nie saam | Stem nie saam nie | Stem saam | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|
| Al die bedieninge van die gemeente bv getuienis, jeug, musiekbediening ens. word op die kerkraad verteenwoordig | 1 | 2 | 3 | 4 | $v_{27}$ |

**BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## BYLAAG C: MOONTLIKE SAKELYS VIR DIE GEMEENTEVERGADERING

### 1. WELKOMSWOORD

1.1 Welkom aan die belydende lidmate.
1.2 Welkom aan die verteenwoordigers van die ring.
1.3 Gebed deur die Voorsitter – **nie** ŉ ope geleentheid vir gebede.

### 2. KONSTITUSIE

2.1 Hierdie vergadering is by die erediens(te) op vier (4) agtereenvolgende Sondae vooraf aangekondig, naamlik op 3,10, 17 en 24 Augustus 2014.
2.2 Die voorstel van die kerkraad is telkens aangekondig.
2.3 Die teenwoordige belydende lidmate is voldoende om ŉ wettige vergadering te hou (kworum).

### 3. DOEL VAN DIE VERGADERING

3.1 Hierdie vergadering se doel is om die instemming van die Gemeente te verkry met die Kerkraad se voorstel dat die nuwe Artikel 1 van die Kerkorde by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur/ nie goedgekeur word nie.
3.2 Die instemming word verkry deur ŉ proses van geslote stemming.

### 4. STEMPROSES

Die stemproses word verduidelik.

### 5. AFSLUITING

5.1 Geleentheid word gegee vir gebed in klein groepies.
5.2 Die Voorsitter sluit met ŉ gebed af.

### 6. STEMMING

6.1 Stembriewe word gegee aan lidmate waarvan die lidmaatskap bevestig is.
6.2 Lidmate voltooi die stembriewe en plaas dit in houers wat deur die kerkraad voorsien is.
6.3 Nadat elke lidmaat sy/haar stem uitgebring het, kan hulle vertrek.

### 7. UITSLAG VAN DIE STEMMING

7.1 Nadat die geleentheid vir die uitbring van stemme verby is, kan die stemme getel word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.2 Die tel van stemme geskied in die teenwoordigheid van die twee verteenwoordigers van die ring.

7.3 Die uitslag word skriftelik aan die Voorsitter van die kerkraad voorsien om verder daarmee te handel.